
# DIE DIER VAN OPENBARING

## Mite, Beeldspraak of Werklikheid?



# Die Dier van Openbaring

Mite, beeldspraak of werklikheid?

**deur**

**John H Ogwyn**

Waarheen lei wêreldgebeure?

Gaan ’n wêrelddiktator binnekort sy verskyning maak?

Presies wie – of wat – is die DIER?

Gaan u sy berugte MERK ontvang?

Die ongelooflike ANTWOORDE word hier gegee!

# INHOUD


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Inleiding | | 5 |
| Hoofstuk 1: | Die Boek Daniël – die Sleutel tot ’n Antieke Verborgenheid | 8 |
| Hoofstuk 2: | Die Dier van Openbaring Geopenbaar | 15 |
| Hoofstuk 3: | Rome – Antieke en Toekomstige Meester van die Wêreld | 21 |
| Hoofstuk 4: | Die Dier se Geheimsinnige Merk | 34 |
| Hoofstuk 5: | ’n Verhaal van Twee Stede – Verlede en Toekoms | 45 |


**Hierdie boekie is nie te koop nie!**

Dit word gratis aangebied as ’n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.


BRA 5.0, Julie 2004
Hersien en gedruk Januarie 2025



© 2004 Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


Gedruk in Suid-Afrika


Skrifture in hierdie boekie is aangehaal uit die
Ou Afrikaanse Vertaling (OV, 1933)
tensy anders aangedui
(NV, Nuwe Vertaling, 1983)

Die beklemtoning van gedeeltes van Skrifture
in hierdie boekie is dié van die uitgewer.

# *INLEIDING*

Hedendaagse nuus weerspieël 'n toestand van sake wat absoluut ondenkbaar sou wees vir enige waarnemer teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945. Op daardie stadium was die Rome-Berlyn Spilmoondhede verpletter en die Amerikaanse en Britse magte op die kruin van oorwinning. Vandag is Brittanje gestroop van haar heerskappy en Amerika is moreel en kultureel bankrot. Europa is besig om te verenig onder die beskerming van 'n magtige Duits-oorheersende Europese Unie.

In die dekades wat gevolg het op die Tweede Wêreldoorlog, het Amerika en Brittanje *miljarde* dollar belê in intelligensie en teen-spioenasie operasies. Die verstommendste geopolitiese gebeure van die na-oorlogse tydperk – wat gelei het tot die ineenstorting van die Ystergordyn en die opkoms van 'n magtige herenigde Duitsland – het nogtans hierdie nasies se regerings onverhoeds betrap.

Die vinnige verloop van gebeure in Oos- en Middel-Europa in 1989 het egter nie *almal* verras nie. Let op wat 'n redaksielid op 7 Desember 1989 geskryf het in die *Free Pres*s, 'n koerant van Hendersonville, Tennessee:

"Soos die meeste Amerikaners het ek die huidige politieke gebeure in Oos-Duitsland met belangstelling dopgehou. Terwyl baie mense hulle verbasing oor die onlangse gebeure uitgespreek het en ook Oos-Duitsland se oproep tot die hereniging van Oos- en Wes-Duitsland, moet ek erken dat ek glad nie oor die gebeure verbaas was nie. Die rede waarom ek nie werklik verbaas was nie, is omdat ek jare lank per geleentheid die publikasie van wyle Herbert W Armstrong gelees het. Armstrong het voorspel dat die Berlynse Muur eendag afgebreek sou word en dat die twee Duitse state weer sou herenig in 'n magtige nasie".

Reeds so lank terug as in April 1952, het Herbert W. Armstrong, [ons voorganger in die huidige werk van God], in die *Good News tydskrif* geskryf dat Oos-Duitsland weer met Wes-Duitsland sal herenig en dat Rusland "gedwing sal word om haar beheer oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en gedeeltes van Oostenryk prys te gee" (bl. 16). In 1956, ná die Sowjet-Unie se inval in Hongarye,

toe dit gelyk het asof die "Ystergordyn" onverbiddelik gesak het oor die nasies van Oos-Europa, het meneer Armstrong verklaar: "Die voorbereidings word getref vir 'n reusagtige derde mag in die wêreldpolitiek – 'n Europese federasie van nasies wat magtiger sal wees as Rusland of die Verenigde State van Amerika! ... Ons het jare gelede reeds aangetoon wat sou gebeur met Rusland se gedoemde Ryk in Oos-Europa" *(The Plain Truth,* Des. 1956, bl. 3). Hoe is dit moontlik dat hy dít kon weet? U sal die antwoord in hierdie boekie vind!

Die mensdom se ondernemings was nog nooit meer ineengestrengel en aan mekaar verbind sedert die Toring van Babel nie. Vandag praat ons algemeen oor hoe die wêreld verander het in 'n "wêreldstad". Straalvliegtuie, kits-telekommunikasie en geïntegreerde wêreldekonomieë het ons samelewing verander.

Wêreldwyd domineer multinasionale korporasies en saamgesmelte besighede feitlik elke aspek van finansies tot vervaardiging. Wêreldwyd is mense per satelliet deur die Internet en televisie-uitsendings verbind. In teenstelling daarmee is nasies besig om al hoe meer onderverdeeld en versplinter te raak as gevolg van ou etniese en godsdienstige beginsels.

Waar lei dit alles heen? Terwyl die wêreld se ekonomie steeds tot 'n groter mate onderling verbind raak, word antieke etniese struwelings en gevoelens van vyandskap weer van vooraf opgewek. Leiers in finansies en regerings voer aan dat hierdie voortdurende toenemende spanning die behoefte aan 'n lewensvatbare alternatief vir die huidige, onstabiele stelsel van onafhanklike nasie-state illustreer.

Dit is duidelik dat tensy die menslike emosies veskillend gekanaliseer kan word, dit die hele wêreldwye ekonomiese struktuur sal versplinter. Die mensdom streef na 'n identiteit wat die huidige verdeeldheid en mededinging sal oorkom. Internasionaliste het 'n groot behoefte daaraan om die onafhanklike nasie-state te vervang met iets groter. Hulle was egter nog nie in staat om 'n oplossing uit te dink wat aanspraak kan maak op die lojaliteit waarmee die opstandige emosies van die gewone man op straat kan vereenselwig nie. Mense ontwikkel nie 'n intense emosionele lojaliteit vir gesiglose burokrate of vir doelwitte wat die winste van korporasies tot die maksimum sal vermeerder nie.

Waarheen lei hierdie dreigende krisis – versplintering in ’n tydperk van globalisasie – ons nou werklik? Daar is slegs **een Bron** waar u die antwoord kan vind! Die Skepper-God is die Een wat die einde van die begin af aangekondig het (Jesaja 46:10) en Hy sit dit vir ons uiteen in Sy Boek, die Bybel.

Die volledigste opsomming van toekomstige gebeure word gevind in die laaste en geheimsinnigste van alle Bybelboeke, die boek van Openbaring. Daarin lees ons van ’n geheimsinnige dier met koppe en horings wat ’n gevreesde merk sal bring. Hierdie dierasie word beskryf as iets wat die hele wêreld domineer en ontsaglike mag en beheer sal uitoefen.

Wat beteken dit egter alles? Kan u dit regtig enigsins verstaan? Alhoewel ’n groot deel van Openbaring in simboliese taal geskryf is, interpreteer die Bybel in werklikheid sy eie simbole! Lees verder om die duidelike boodskap van die profesieë van u Bybel te verstaan wat oor die dier van Openbaring handel. Hierdie profetiese woorde sal ’n groter invloed uitoefen op u lewe en op u eie toekoms as wat u uself ooit sou kon indink.

# HOOFSTUK 1

## Die Boek van Daniël – Die Sleutel tot ’n Antieke Verborgenheid

Almal se oë was vasgenael op ’n bejaarde man wat regop, die helder verligte en luukse banketsaal binnestap. Slegs ’n uur gelede nog was die vertrek gevul met die wyndeurdrenkte gelag en luide geskerts toe ’n gebeurtenis plek gemaak het vir ’n doodse stilte wat koue rillings teen ruggrate afgestuur het, gevolg deur ’n onderdrukte en verskrikte gefluister.

Die geleentheid was ’n groot feesmaal aangebied deur die Babiloniese koning, Bélsasar, om die onoorwinlikheid van Babilon te vier, wat nou hoofstad van die Nuwe (of Neo-) Babiloniese Ryk is – ook bekend in die geskiedenis as die Chaldeeuse Ryk. Ofskoon Babilon op daardie tydstip aangeval was deur troepe van Kores die Grote van Persië (moderne Iran) het die beleërde inwoners geglo dat hulle stad onindringbaar was.

Op die eerste aand van die sewende maand in 539 v.C. het die magtige elite van Babilon dus fees gevier en heildronke gedrink. Bélsasar het selfs daarop aangedring dat die heilige bekers wat sy vader Nebukadnésar, dekades vantevore uit die tempel in Jerusalem verwyder het, gebring moes word om as drinkbekers gebruik te word (Daniël 5:1-4). Skielik het ’n handskrif teen die muur verskyn (verse 5-6) en die fees was eensklaps verby. Die boodskap wat teen die muur geskryf was, het gelees: “Mené, mené, tekél, ufarsín” (vers 25). Dié woorde was bekende Chaldeeuse terme vir eenhede van gewig, maar die betekenis daarvan was heeltemal onverstaanbaar vir dié mense wat daarna gekyk het.

Die bejaarde man wat deur die koning laat roep is, was Daniël (vers 13). Hy was ’n Joodse tiener toe hy as gevangene na Babilon gebring is en is onder koning Nebukadnésar bevorder tot ’n hoë amp. Daniël het toe die geheimsinnige en skrikwekkende boodskap aan Bélsasar verduidelik. Die God van die hemele het die koning op die weegskaal geweeg en te lig bevind. Daardie selfde nag sou sy koninkryk deur die Meders en Perse oorgeneem word (verse 26-28).

Binne enkele ure het Kores se weermag die stad heeltemal oorrompel. Die Eufraatrivier wat onder die kolossale hekke deur

die stad Babilon gevloei het, is etlike ure tevore deur Kores se magte met 'n kanaal verlê en weggelei van die stad. Die Persiese troepe het net voor dagbreek in die donker die stad binnegestap in die droë rivierbedding en die massiewe stadshekke van binne die stad geopen. Jesaja het ongeveer twee eeue voor Kores se verbasende oorwinning voorspel dat dit sou gebeur (Jesaja 45:1-4)! Voor sonop is Babilon oorwin en koning Bélsasar met die swaard tereggestel.
Gekonfronteer deur die aand se gebeure, het Daniël waarskynlik teruggedink aan die gebeure wat ongeveer 65 jaar tevore plaasgevind het. Alhoewel hy daardie tyd nog maar 'n jong man in sy tienerjare was, was hy in die teenwoordigheid van die heerser gebring van wat toe die magtigste land op aarde was. Sy eie lewe en die lewe van sy beste vriende het daardie dag aan 'n draadjie gehang. Die doel waarvoor Daniël voor koning Nebukadnésar, Bélsasar se vader, gebring was, was om 'n raaiselagtige droom wat die koning 'n paar dae vroeër gehad het, uit te lê. Daniël het sonder aarseling aan die skeptiese en ontstelde koning gesê dat daar 'n God in die hemel is wat die Openbaarder van geheime is. Hy het daarna 'n God-geïnspireerde uitlegging van die koning se vreemde droom gegee.

## Die boek van Daniël doen die voorbereiding

In 604 v.C. het die Chaldeeuse leër onder aanvoering van Nebukadnésar, vanaf Kárkemis met die Jisreëlvlakte langs, Juda binnegeval, Jerusalem verower en Juda tot die status van 'n belasting-betalende staat verlaag. Baie kinders van vooraanstaande Joodse families is as gevangenes weggevoer na Babilon. Gedurende die daaropvolgende dekades is een van die bannelinge, met die naam Daniël, bevorder om 'n hoë vertrouensposisie in die Babiloniese regering te beklee (Daniël 2:48; 5:29). Hy het voortgegaan om die God van Israel getrou te dien. God het hom baie visioene gegee en die uitlegte daarvan aan hom geopenbaar, wat hy aangeteken het in die boek Daniël.
Kom ons ondersoek noukeurig die profetiese hoogtepunte van wêreldgebeure wat God vir Daniël geïnspireer het om aan te teken. U sal vind dat die Skrif homself verklaar en vertolk en dat die Bybelboek Daniël, die sleutel is om die Bybel se boek Openbaring en ander profesieë rakende die eindtyd, te kan verstaan.

Daniël 2:1 beskryf Nebukadnésar se ontstellende droom wat sy hoftowenaars en sterrewiggelaars vir hom moes uitlê. Voordat hy na hulle uitleg wou luister, moes hulle egter eers aan hom vertel wat hy gedroom het. Natuurlik kon hulle nie. Daniël is laastens voor die koning gebring en hy het aan die koning verduidelik dat daar 'n God in die hemel is wat geheime openbaar en dat Hy nie alleen die droom nie, maar ook die betekenis daarvan aan hom sou openbaar (vers 28). Daniël verduidelik daarna die droom van 'n groot beeld wat bo die vlaktes van Sínear uittroon. Hierdie kolossale mensebeeld het 'n kop van goud, arms en bors van silwer, buik en heupe van koper en bene van yster gehad. Die ysterbene het voete wat saamgestel is uit 'n mengsel van yster en klei (verse 31-33). Nebukadnésar het in sy droom gesien hoe daar 'n groot rots van bonatuurlike oorsprong ("sonder toedoen van mensehande") uit die hemel kom en die beeld op die voete van yster en klei tref, wat die hele beeld tot poeier fyngestamp het sodat die wind dit weggewaai het. Die rots word dan 'n groot berg en vul die hele aarde (verse 34-35).

Wat het dit beteken? Soos reeds gesê: Die Bybel verklaar homself! Daniël is geïnspireer om in verse 37 en 38 aan Nebukadnésar te sê: "U, o koning, koning van die konings, ... ú is die hoof van goud." Daniël sê ook aan die koning in Daniël 2:39-40 dat nog drie koninkryke ná syne tot stand sou kom. Daniël was geïnspireer om vir ons aan te teken dat die geskiedenis oorheers sou word deur vier opeenvolgende wêreldregerende ryke, waarna die God van die hemel Sy ewigdurende Koninkryk sou vestig ten tye van die laaste tien konings – wat verteenwoordig word deur die voete en die tone aan die "bene van yster" van die vierde koninkryk (verse 41-44).

In Daniël 2:28 word beklemtoon dat die Lewende God vir wie ons dien, "geheime openbaar." Die koning se droom strek oor die tydperk van antieke Babilonië en koning Nebukadnésar tot in die "laaste dae" van hierdie wêreld en sal sy hoogtepunt bereik met die Wederkoms van Jesus Christus (vergelyk Matthéüs 21:42; Handelinge 4:11; 1 Petrus 2:4-8) en die vestiging van die Koninkryk van God op hierdie aarde (Daniël 2:44). Het gebeurtenisse wat Daniël voorspel het, só gebeur? Definitief. Kom ons kyk hoe dit gebeur het.

In Daniël 5, lees ons van die gebeure rondom die val van Babilon voor die leërs van Kores die Grote. Die Ryk van die Mede en Perse is die "tweede koninkryk" wat ná Babilon tot stand kom. Die

geskiedenis leer ons dat die uitgestrekte Ryk van die Mede en Perse, gevestig deur Kores, 'n bietjie meer as 200 jaar voortbestaan het.
In 333 v.C., het die Griekse magte van Alexander die Grote vanuit Europa die Hellespont oorgesteek op pad na Asië. Twee jaar later, met die veldslag van Arabela, het die Persiese Ryk in duie gestort en neem die derde groot wêreldregerende koninkryk oor – die **Grieks-Macedoniese** of Hellenistiese Ryk van Alexander die Grote. Die Hellenistiese Ryke van Alexander se opvolgers, het die Midde-Ooste vir meer as 300 jaar oorheers totdat die afdelings een vir een verswelg was deur die vierde groot wêreldregerende ryk – die koninkryk van yster.
Hierdie vierde koninkryk word duidelik in die geskiedenis geïdentifiseer as die **Romeinse Ryk.** Daaroor is geprofeteer dat dit as twee "bene" sou voortbestaan tot in die eindtyd. Dan sou die tien tone (konings, volgens Daniël 2:44) die finale beliggaming wees van die stelsel wat sy oorsprong gehad het in antieke Babilon. Indien die Bybel homself verklaar, is die opeenvolging van vier wêreldregerende koninkryke duidelik.

**Die Dier van Daniël 7**

In Daniël 7:1-3 vind ons dat dekades ná Nebukadnésar se droom, Daniël self 'n baie ongewone droom gehad het. Hy het stom van verbasing gestaar na donker, kolkende wolke en 'n stormagtige see. Uit hierdie stormagtige see sien hy vier groot wesens of "diere" te voorskyn kom, wat een vir een aan land gaan. Die eerste was soos 'n leeu, die tweede soos 'n beer en die derde 'n luiperd met vier koppe. Die vierde dier word beskryf as 'n skrikwekkende kreatuur met groot ystertande (verse 4-7) en met tien horings op sy kop. Hierdie droom, net soos dié van Nebukadnésar s'n, bereik 'n hoogtepunt met 'n visioen van die tyd wanneer "die heiliges van die Allerhoogste ... die koningskap ontvang en ... in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid" (vers 18).
Behoort ons ons verbeelding toe te laat om met ons op hol te raak in 'n poging om die identiteit van hierdie diere te onderskei of sal ons die Bybel toelaat om homself te verklaar? Volgens Daniël 7:17 simboliseer die vier diere wat agtereenvolgens verskyn (verse 3-7) vier konings of koninkryke. Vers 23 verwys spesifiek na die vierde dier wat die "vierde koninkryk ... op die aarde" verteenwoordig.

Ons het reeds in Daniël 2 die opeenvolging van vier koninkryke gesien. Die visioene wat in Daniël 2 en 7 opgeteken is, voorspel vier opeenvolgende wêreldregerende ryke. In albei gevalle eindig die toneel met 'n vyfde en finale wêreldregerende Koninkryk – die Koninkryk van God wat op die aarde sal heers. Dit is duidelik dat dié twee visioene verskillende besonderhede gee van presies dieselfde gebeure!

Wanneer ons die twee visioene met mekaar vergelyk, vind ons dat die eerste koninkryk in Daniël 2 – die kop van goud – die koning van die diere, 'n leeu verteenwoordig in hoofstuk 7. Die tweede koninkryk van silwer in Daniël 2, is die beer in hoofstuk 7. Die derde koninkryk in hoofstuk 2, die een van koper, stem ooreen met die vierkoppige luiperd in hoofstuk 7.

Waarom dan vier koppe? Die geskiedenis openbaar dat na Alexander se dood, sy ryk verdeel is onder sy vier generaals. Hierdie viervoudige verdeling is voorspel in Daniël 8:8. Al vier hierdie koninkryke, met die Griekse taal en kultuur, was 'n verdeelde voortsetting van die keiserryk wat Alexander in minder as 'n dekade opgebou en in stand gehou het. Dié viervoudige verdeling is spesifiek in Daniël 8 voorspel. Net soos Persië se gewigtige grootte en mag gesimboliseer word deur 'n beer, word die blitsige spoed van Alexander se Griekse leërs goed beskryf deur die metafoor van 'n luiperd.

In hoofstuk 8 profeteer Daniël in meer besonderhede met betrekking tot die interaksie tussen die tweede wêreldryk, Persië en die derde wêreldregerende koninkryk, Griekeland. Daniël 8:3-4 beskryf 'n ram met twee horings wat alles in alle rigtings oorheers. Volgens vers 20 verteenwoordig hierdie ram met die twee horings die "konings van die Meders en die Perse." 'n Sterk bokram met een groot horing tussen sy oë verslaan die ram vir eens en vir altyd (verse 5-7). Volgens vers 21: "... die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning." Dit verwys beslis na Alexander die Grote. Na sy afsterwe "het die groot horing afgebreek" (vers 8) en dan? "... vier koninkryke sal uit *sy* volk ontstaan, maar nie met sy krag nie" (vers 22). Dit is waarom die derde koninkryk in Daniël 7 beskryf word as 'n dier met vier koppe.

Die gebeure soos hierbo genoem het die toneel voorberei vir die vierde dier van Daniël 7. Dit is 'n skrikwekkende dierasie wat nie met enige bekende dier vergelyk kan word nie. Dit is die

"ysterkoninkryk". In hoofstuk 2 word dit voorgestel as twee bene van yster en in hoofstuk 7 as 'n dier met groot ystertande. Daniël 2:40 verduidelik: "... en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis." Let op wat Daniël 7:19-23 sê van hierdie vierde koninkryk. "Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het ... Die vierde dier – die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel." Dit is hierdie vierde koninkryk, die Romeinse Ryk, wat in een of ander vorm sal voortbestaan tot en met die tyd van Christus se Wederkoms. Bevestig die geskiedenis dit alles? Verseker!

Net soos wat Babilon deur die Meders en Perse ingeneem was en Alexander die Grote op sy beurt weer die Meders en Perse ingeneem het, so het die Romeine al vier die "luiperd-koppe" ingeneem wat uit Alexander se Ryk ontstaan het. Dit het só gebeur: Met die dood van Alexander in 323 v.C. in Babilon was daar aanvanklik 'n poging aangewend om sy koninkryk in stand te hou deur 'n regent aan te stel wat sou heers in die naam van sy neef en ongebore seun. Hierdie poging het misluk. Binne 'n paar jaar is die ryk verdeel onder vier Griekse generaals wat hulself tot konings verklaar het, net soos Daniël voorspel het (Daniël 8:21-22), Seleucius, Ptolemeus, Cassander en Lysimachus.

In 307 v.C., minder as twintig jaar ná Alexander se dood, het Antigonus en sy seun, Demetrius, "die titel van koning aangeneem, waarna Ptolemeus, Seleucius, Cassander en Lysimachus dieselfde gedoen het. Die eenheid van Alexander se ryk is sodoende openlik beëindig" (*Encyclopedia of World Histor*y, William L. Langer, 1968, bl. 90).

Cassander het beslag gelê op **Griekeland en Macedonië** – die eerste luiperdkop en met Lysimachus en Seleucius se hulp, Antigonus oorwin, wat tydens die Slag van Ipsus in 301 v.C. gesneuwel het. Nietemin is Cassander se vorstehuis in 276 v.C. omvergewerp deur Antigonus se kleinseun, Antigonus II. Hy het 'n vorstehuis gevestig wat oor Griekeland en Macedonië regeer het tot die Romeinse verowering in 168 v.C. toe hierdie gebied in die Romeinse Ryk opgeneem is.

Lysimachus, wat beslag gelê het op **Klein-Asië** en homself tot koning verklaar het in 305 v.C., is uiteindelik oorwin en gedood deur sy eertydse bondgenoot, Seleucius, tydens die Slag van Corpedium in 281 v.C. Eumenes I. Die Seleusiese goewerneur van Pergamum in Klein-Asië, het daarin geslaag om teen 260 v.C. feitlik onafhanklik te wees van die Seleusiete. Teen die jaar 230 v.C. het sy opvolger die koningstitel oorgeneem. Toe Attalus III in 133 v.C. oorlede is, het hy sy koninkryk van Pergamum in sy testament aan die Romeine nagelaat. Teen daardie tyd het Pergamum bykans die hele Klein-Asië ingesluit. Rome het dus nou die tweede kop van Daniël se luiperd in beslag geneem.

Seleucius het sy koninkryk uitgebou vanaf **Sirië** in die weste tot by **Babilonië** in die ooste. Sy Seleusiese vorstehuis het voortbestaan totdat die Romeinse generaal, Pompeius, in 64 v.C. Sirië 'n provinsie gemaak het in die steeds groeiende Romeinse Ryk.

Die Macedoniese generaal, Ptolemeus, het die koningstitel aan homself toegeken op dieselfde tydstip toe Cassander, Lysimachus en Seleucius dit aanvaar het. Sy koninkryk was in **Egipte** geleë en was tot 30 v.C. regeer deur sy afstammelinge. In daardie jaar is die magte van die Ptolemeuse koningin, Cleopatra en haar Romeinse metgesel, Markus Antonius, tydens die Slag van Actium verslaan deur Julius Caesar se neef, Octavianus (later bekend as Keiser Augustus). Egipte is toe deur die Romeinse Ryk in beslag geneem. "Dit was die einde van die Hellenistiese monargieë" (Langer, bl. 97). Met hierdie verowering het al vier koppe van die Grieks-Macedoniese luiperd 'n integrale deel geword van die Romeinse Ryk – die vierde dier van Daniël 7.

# HOOFSTUK 2

## Die Dier van Openbaring Geopenbaar

Napoleon, Hitler en Saddam Hussein het almal iets in gemeen. So ook Mikhail Gorbachev, Benito Mussolini, Franklin D. Roosevelt en verskeie pouse. Hulle almal, asook talle ander beroemde en berugte openbare figure is deur sommige van hulle tydgenote as die geheimsinnige "dier" van Openbaring bestempel. Die Volkebond, Verenigde Nasies, internasionale kommunisme en selfs die regering van die Verenigde State van Amerika is ook al in die 20ste eeu as die dier beskou.

Ander kommentators het egter geredeneer dat die boek Openbaring slegs as 'n versinnebeelding van die stryd tussen die goeie en die bose verstaan moet word – waar die dier die verpersoonliking is van boosheid en nie beskou moet word as 'n geskiedkundige figuur of instelling nie.

"Maar" mag sommige mense vra, "is daar dan nie allerhande standpunte en interpretasies van Bybelse profesieë nie?" Natuurlik is daar! Dit lyk asof die meeste van die sogenaamde vertolkers van profesie begin by wat hulle op die wêreldfront sien en dít dan in die Bybel probeer inlees. Dit is waarom bykans almal wat op Bybelprofesieë kommentaar gelewer het in die 1950's en 60's die "skarlakenrooi dier" van Openbaring geïdentifiseer het as die Kommunistiese Sowjetunie. 'n Paar jaar gelede was dit Saddam Hussein en vandag identifiseer talle kommentators die dier as die "Nuwe Wêreldorde," of die Verenigde Nasies. Daar blyk net soveel vertolkings te wees as wat daar vertolkers is!

Die Skepper-God het nie bedoel dat Bybelse profesieë verstaan moet word deur pogings van kreatiewe verbeelding nie. Nog minder moet profesie verstaan word deur na huidige gebeure te kyk om dan te probeer om dit in die Bybel se weergawe in te lees. Geen profesie van die Skrif is 'n saak van eie uitlegging nie (2 Petrus 1:20). Indien die Bybel simboliese taal gebruik, bevat dit in die teks die sleutels om te verstaan wat die simbole beteken.

## Ondersoek Openbaring 13

Teen die einde van die eerste eeu n.C. het die bejaarde apostel Johannes op die strand van die eiland Patmos gestaan en uitgekyk oor die Middellandse See. Terwyl hy oor die see tuur, het dit gelyk asof die toneel verander. Donker wolke het laag saamgepak oor 'n ontstuimige see. Terwyl hy vasgenael staan en staar, kom 'n vreemde gedierte uit die water te voorskyn. Dit het die lyf van 'n luiperd, die bek van 'n leeu en die pote van 'n beer. Hierdie gedierte bevat dus die sterkste eienskappe van die eerste drie diere wat Daniël, volgens sy visioen, opgeteken het in Daniël 7. Die gedierte wat Johannes gesien het, het ook sewe koppe met tien horings gehad (Openbaring 13:1-2). Daar word aan ons vertel dat die "draak" aan hierdie dier sy krag en gesag gee. Laastens word ons meegedeel dat een van hierdie dierasie se koppe dodelik gewond is. Dié dodelike wond genees egter en die dier gaan voort vir 'n verdere twee en veertig maande (verse 2-5).

Dit stem merkwaardig ooreen met die visioen wat in Daniël 7 beskryf word. Onthou, in Daniël se visioen verskyn vier dierasies – 'n leeu, 'n beer, 'n vierkoppige luiperd en 'n ander skrikwekkende gedierte met tien horings – uit 'n donker, stormagtige see (Daniël 1-7). Hierdie vier diere het altesaam *sewe koppe.* Die dierasies wat Daniël gesien het, stel duidelik die vier opeenvolgende keiserryke voor: Vanaf Nebukadnésar se Babilon tot die Meders en Perse; dan tot by Alexander die Grote se Hellenistiese (Griekse) Ryk wat ná sy dood in vier verdeel het en laastens tot by die Romeinse Ryk. Uit die vierde dier, wat Rome simboliseer – die sewende *kop* – kom die "tien horings".

Let 'n bietjie op na die ooreenkomste tussen hierdie twee visioene. In albei gevalle is daar sewe koppe. In Openbaring 13 sien Johannes een dierasie, nie vier soos wat Daniël gesien het nie. Albei profete sien egter sewe koppe met tien horings en die simboliek van 'n leeu, 'n beer, 'n luiperd en 'n skrikwekkende dierasie. Met al hierdie ooreenkomste, waarom is daar dan *verskille* in die twee visioene?

In Daniël se visioen sou feitlik alles wat hy gesien het nog in die toekoms plaasvind. Babilon, uitgebeeld deur 'n leeu, *was* reeds op die toneel, maar die ander ryke moes nog kom. Johannes beskryf meer as 600 jaar later sy visioen en toe was Babilon, Persië en Griekeland reeds geskiedenis. Waar Daniël op vier ryke gefokus

het, is Johannes se fokus op ’n voortgesette stelsel wat uit Babilon voortspruit. Hy sien die onderskeie keiserryke bloot as verskillende koppe van *dieselfde dierasi*e. Uit Daniël se visioen weet ons dat dié stelsel sal voortgaan tot en met Christus se Wederkoms, wanneer die heiliges die Koninkryk van God in besit sal neem (Daniël 7:18). Die Romeinse Ryk van Johannes se tyd is eenvoudig net ’n voortsetting van wat in Babilon begin het.

Wat presies beteken al hierdie simbole dan? Hou weereens in gedagte dat die Bybel sy eie simbole vertolk. Soos ons gesien het, verduidelik Daniël 7:23 dat die sewe koppe van die vier diere sewe koninkryke verteenwoordig. Op dieselfde manier word die sewe koppe van die skarlakenrooi dier van Openbaring 17 geïdentifiseer as “sewe berge” of “sewe konings” (verse 9-10). Volgens Daniël 7:24 en Openbaring 17:12 simboliseer die horings ook as konings of koninkryke. Die draak, wat die bron van krag van hierdie stelsel is, word duidelik geïdentifiseer in Openbaring 12:9 as: “die groot draak ... die ou slang wat genoem word duiwel en Satan”.

Wat van die kop wat Johannes gesien het wat “dodelik gewond” was en later weer genees het? Onthou, slegs die laaste van die dier se sewe koppe, soos beskryf in Openbaring 13, naamlik die Romeinse Ryk, was in Johannes se tyd steeds aan bewind. Die vorige ses koppe – Babilon, Persië en die vier Griekse (Hellenistiese) koninkryke – was reeds iets van die verlede en geskiedenis toe Johannes sy visioen beskryf het. Is die *Romeinse Ryk* dodelik gewond maar het later weer herleef en voortbestaan vir 42 [profetiese] “maande?”.

Eeue lank reeds is die datum 476 n.C. gebruik as ’n skeidslyn tussen antieke en middeleeuse geskiedenis. Hierdie datum – die tradisionele “ondergang” van die antieke Romeinse Keiserryk – kenmerk die verowering van Rome deur die *“barbar*e*”* uit die noorde toe die laaste keiser van die Wes-Romeinse Ryk, Romulus Augustulus, vermoor is. In die volgende hoofstuk sal ons hierdie ryk se latere herlewing ondersoek – die “genesing” van die dodelike wond.

Let egter op na ’n ander besondere stukkie inligting wat in Daniël 7 asook in Openbaring 13 beskryf word. In albei weergawes lees ons van die tien horings wat uit die dier se sewende kop, die Romeinse Ryk, groei. Johannes het gesien dat elkeen van hierdie horings ’n kroon op het (Openbaring13:1) en Daniël verduidelik dat die tien horings konings of koninkryke voorstel (Daniël7:24).

Daniël vertel ons ook “daar [kom] ’n ander horinkie tussen hulle (die tien horings) op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel” (Daniël 7:8). Laat ons daardie deel van die Romeinse geskiedenis ondersoek om die vervulling van hierdie profesie te begryp!

**Die Verhaal van die Eerste Drie “Horings”**

In 286 n.C. verdeel keiser Diocletianus die Romeinse Ryk in die Oos- en die Wes-Romeinse Ryk vir administratiewe doeleindes. Hierdie twee “afdelings,” elk gewoonlik met ’n eie keiser, word gesimboliseer deur die twee “bene” in Daniël 2. Die Westerse been ondervind egter ernstige probleme en in die jare 400 n.C. is die Westerse Ryk in ’n oorlewingstryd gewikkel. Jare lank is barbaarse strooptogte oor die landsgrense gevoer totdat Rome uiteindelik – vir die eerste keer in agt eeue – self geplunder en verwoes is! Dié oorwinning is in 409 n.C. behaal deur die Wes-Gote onder aanvoering van Alaric.

Wanneer die Romeinse Ryk in die weste in duie stort, probeer die leiers van drie groepe barbaarse invallers — die **Vandale**, die **Heruli** en die **Oos-Gote** — om die Westerse keisers op te volg. Die keiser in die ooste erken elke groep as ’n voortsetting van die wettige Romeinse regering in die weste. Daar was egter ’n ander regeerder in die weste wat toe te voorskyn kom wat uiteindelik die barbare se ondergang en uitdrywing sou bewerkstellig.

Hierdie opkomende leiersfiguur was die biskop van Rome. Terwyl die Westerse keisers al swakker geword het, het sy mag en aansien toegeneem. Die pouslike mag het nie alleen groter godsdienstige gesag oor die gemeenskap van belydende Christene behels nie, maar ook toenemende burgerlike en politieke mag. Die Vandale, Heruli en Oos-gote het hom veral onrustig gestem. Hoewel hulle Christenskap bely het, was dit ’n nie-drie-eenheid soort wat Arianisme genoem word. Hulle was nie “ortodoks” nie en dus ’n bedreiging vir die godsdienstige eenheid van die ryk.

In 429 n.C. val die **Vandale** Noord-Afrika binne. Na baie jare van gevegte word ’n verdrag in 435 n.C. gesluit waarvolgens hulle die Romeine “erken” as die wettige voortsetting van die Romeinse Ryk in Noord-Afrika (vergelyk Langer, bl. 135). Die Vandale streef nogtans daarna om hulle mag as opvolgers van die Romeine uit te brei. In 455 plunder hulle selfs die stad Rome op so ’n

verwoestende wyse dat ons tot vandag toe nog die term "vandaal" gebruik om iemand te beskryf wat ander se eiendom kwaadwillig beskadig. Die Vandale laat die Westerse keiser steeds toe op die troon in Rome en gaan voort om hulle mag uit te oefen oor die Romeinse gebied in Noord-Afrika. Hulle is uiteindelik ook uitgeroei. "In Afrika is die Vandale [deur die Katolieke] gehaat as Ariane ... maar hulle mag is eers in 533-548 gebreek tydens Justinianus [die Oos-Romeinse keiser] se Vandaalse oorloë" (Langer bl. 159).

In 476, ongeveer 20 jaar ná die Vandale Rome verwoes het, slaag die Heruli onder Odoaker (of Odovacar) daarin om die laaste keiser van die Wes-Romeinse Ryk, Romulus Augustulus, te onttroon. Dit is die amptelike einde van die Westelike keiserlike monargie – die einde van die Wes-Romeinse Ryk – dit is Rome se "dodelike wond".

Odoaker word deur die Oos-Romeinse keiser, Zeno, "erken" as die wettige voortsetting van die Romeinse regering in Italië (vergelyk bl. 135). Hy was egter ook 'n Ariaan – en die Roomse pous was so erg ontstel daaroor dat hy hom op Zeno beroep het. Zeno stuur toe in 488 vir Theodorik, leier van die barbaarse Oos-Gote, as sy "gesant" om die Heruli te verdryf (bl. 135). "Die Ortodokse biskoppe van Italië het niks van Odoaker se Arianisme gehou nie. Hulle beskou die invaller, Theodorik, byna as die verteenwoordiger van 'n ortodokse keiser. Met hulle ondersteuning breek Theodorik die sterk weerstand van Odoaker in 'n oorlog wat vyf jaar duur en hulle oortuig hom om in 493 'n vredeskikking te sluit. Theodorik nooi Odoaker en sy seun na 'n onthaal in Ravenna, onthaal hulle gulhartig en bring hulle toe self om die lewe" (*The Story of Civilization*, Will Durant, Vol. 4, bll. 97-98).

Die **Oos-Gotiese** regering van Italië, hoewel aanvaar as 'n manier om van die Heruli ontslae te raak, het ongewild gebly by die biskop van Rome en die Rooms-Katolieke bevolking. Generaal Belisarius wat reeds in 533 vanuit Konstantinopel gestuur was met 500 vragskepe en 92 oorlogskepe om Afrika van die Vandale te bevry, het in 536 in Italië aangekom om die Oos-Gote uit te dryf. "Die Oos-Gotiese magte was min en verdeeld en die Romeinse bevolking begroet Belisarius toe as 'n bevryder en die geestelikes verwelkom hom as 'n voorstander van die drie-eenheidsleer; hy het Rome sonder teenstand binnegeval" (Durant, bl. 109).

Die eerste drie "horings" is dus ontwortel op aandrang van die biskop van Rome, die "klein horinkie" van Daniël 7. Dit was dus die voorbereiding vir die eerste *ware* herlewing van die Romeinse Ryk in die weste. Hierdie herlewing, wat in 554 plaasvind, net soos alle opvolgende herlewings wat sederdien plaasgevind het, het geskied met die biskop van Rome se seën en sy rol as 'n binnekringspeler in die verskillende voortsettings van die keiserryk van antieke Rome.

# HOOFSTUK 3

**Rome – Antieke en Toekomstige Meester van die Wêreld**

Toeristeplakkate toon 'n betowerende Rome. Die beroemde "Stad op Sewe Heuwels" is oortrek met argitektoniese glorie uit die verlede en hede. Rome is 'n stad van kontraste. Antieke bouvalle en ou geboue verdring mekaar sy aan sy in 'n vooruitstrewende, moderne stad. Meer as sewe-en-twintig eeue het gekom en gegaan sedert die stad se legendariese stigting deur Romulus en Remus. Gedurende hierdie uitgestrekte tydperk het dié merkwaardige stad 'n ongeëwenaarde rol gespeel in die geskiedenis van die Westerse beskawing. Rome – die "Ewige Stad", die setel van mag en intrige!
Die Vatikaanstad is die wêreld se kleinste soewereine grondgebied en is geleë binne in die stad Rome. Hierdie klein stadstaat wat regeer word deur die Roomse pous, handhaaf sy eie diplomatieke betrekkings met die wêreld se groot moondhede en is 'n *volwaardige* deelnemer aan internasionale aangeleenthede. Die Vatikaan streef egter na baie meer: Dit poog om weereens die *leidende* rol te speel wat dit vir soveel eeue gedoen het.
Hoewel Rome se antieke Ryk dodelik gewond was met die dood van die laaste keiser in 476 n.C., is dit nie die einde van die storie nie! Die eerste drie horings (of koninkryke) wat uit die antieke Romeinse Ryk ontwikkel het, naamlik die Vandale, Heruli en Oos-Gote, is op aandrang van Rome se pous ontwortel deur keiser Justinianus. Daar bly dus nog sewe horings oor. Justinianus se "Keiserlike Herstel" het die "dodelike wond" in 554 "genees" en die eerste van *ses* historiese pogings om die antieke Romeinse Ryk te laat herlewe en voort te sit, van stapel gestuur. Volgens die Bybel moet 'n sewende en laaste herlewing nog plaasvind. U lewe gaan *diep geraak word* deur toekomstige gebeure in wat die inwoners, die "Ewige Stad" noem!

**Die Dodelike Wond Genees**

Aan die einde van die Gotiese oorloë in 553 n.C. was Italië in armoede en wanorde gedompel. Rome was beleër, verhonger, gevange geneem en beroof. Uiteindelik het die leër van Bisantium daarin geslaag om Italië en oorblyfsels van die Westerse Ryk te

herower. Hoe sou hy egter die herowerde gebied regeer? Die antwoord lê opgesluit in 'n bondgenootskap tussen kerk en staat wat sedertdien die geskiedenis van Wes-Europa vorm. Hoewel wêreldse gesag in die weste in duie gestort het, "blyk dit dat die oorlewing van die kerklike organisasie (onder die Biskop van Rome) selfs vir die keisers die behoud van die staat beteken het. In 554 vaardig Justinianus 'n dekreet uit wat vereis dat 'gepaste en bekwame persone om die plaaslike regering te administreer **deur die biskoppe en hoofde van elke provinsie** aangestel word as goewerneurs van die provinsies'" (Durant, bll. 519-520).

Hierdie genesing van Rome se "dodelike wond" staan in die geskiedenis bekend as die "Keiserlike Herstel". Vanaf 554 tot 800 sou die keisers in Bisantium slegs in naam, heersers wees van 'n herleefde *Imperium Romanum* ("Romeinse Ryk") in die weste. In terme van Justinianus se dekreet het die pouse in Rome in werklikheid die regeringsleisels van die weste gehou en figuurlik wydsbeen oor die keiserlike dier gesit en op hom gery.

Dit is egter belangrik om te let op 'n betekenisvolle verskil tussen die dier wat in Openbaring 13 beskryf word en die ander een in Openbaring 17. Die dier in Openbaring 13 stem ooreen met die een wat Daniël in Daniël 7 gesien het. Johannes beskryf 'n dierasie wat in Nebukadnésar se tyd begin het en bly voortbestaan het tot in sy tyd. Uit die sewende kop, die Romeinse Ryk, sou tien koninkryke verrys. Daniël 7 verduidelik dat die eerste drie van daardie horings ontwortel sou word. Die dier van Openbaring 17 is egter anders. Hierdie dierasie word **deur 'n vrou gery,** anders as die vorige beskrywing daarvan. Die dier van Openbaring 17 is "die dier wat was en nie is nie" (vers 11) – die Romeinse Ryk, nadat die dodelike wond genees is. Dit is wat die geskiedenis ironies en misleidend bestempel as die "Heilige" Romeinse Ryk, oorheers deur die Kerk van Rome en wat sedert 534 v.C. bly voortbestaan het deur verskillende herlewings, tot in moderne tye.

Openbaring 17:11 sê hierdie dier "is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf." Dit is 'n voortsetting van die sewekoppige dierasie wat in Openbaring 13 beskryf word, maar is in 'n sekere sin soos 'n agtste kop aan daardie gedierte, aangesien dit begin het nadat die laaste kop van die dier van Openbaring 13 die "dodelike wond" opgedoen het. Die sewe koppe aan die dier van Openbaring 17 is sewe koninkryke (vers 10). Hulle is die sewe herlewings van die Heilige Romeinse Ryk, wat

ooreenstem met die laaste sewe van die "tien horings" van Daniël 7 en Openbaring 13. Die tien horings van Openbaring 17 is ook tien konings of koninkryke (vers 12). Hulle gee mag aan die finale herlewing van die Heilige Romeinse Ryk en sal verdelg word met Christus se Wederkoms (vers 14) en stem dus ooreen met die tien tone aan die beeld wat in Daniël 2 beskryf word.

Let nou meer noukeurig op na die geskiedenis van die "sewe koppe" wat in Openbaring 17 vermeld word. In die jare ná Justinianus se "Keiserlike Herstel" het die keisers in die ooste oor die algemeen hulle aandag en planne meer op die tuisfront toegespits. Die beskerming en sekuriteit wat Konstantinopel aan die weste verleen het, het onbeduidend geword. Om hierdie probleem op te los, vind privaat onderhandelings plaas tussen die Frankiese koning, Karel die Grote en pous Leo III – waarvan die resultaat in 800 n.C. duidelik word.

"Op Kersdag, onderwyl Karel die Grote [die koning van die Franke] in die mantel en sandale van 'n *patricius Romanus* [Romeinse edelman] in gebed neerkniel voor die St. Peter altaar, bring pous Leo III skielik 'n kroon met juwele te voorskyn en plaas dit op die koning se kop. Die gemeente, wat moontlik vooraf aangesê is om te handel volgens die eertydse ritueel wanneer die *senatus populusque Romanus* [senaat en mense van Rome] die kroning bekragtig, roep toe driemaal uit: 'Heil Karel, die Augustus [keiser], gekroon deur die Groot God en vredebringende Keiser van die Romeine!' Die vorstelike hoof is met heilige olie gesalf waarna die pous Karel die Grote begroet as die keiser en Augustus" (Durant, bll. 468-469). Na 'n geskil van etlike jare erken die Oostelike keiser van Bisantium, vir Karel die Grote as medekeiser. So is die *Imperium* (oppermag) in die weste oorgedra op die tweede kop sedert die dae van die "dodelike wond" in 476 en sy daaropvolgende "genesing" in 554. Elke keer was dit in pouslike opdrag en met pouslike seëninge.

Die geskiedskrywer, Will Durant, verduidelik: "Uit hierdie noue samewerking tussen Kerk en staat spruit een van die briljantste idees in die geskiedenis van staatsmanskap: Die herskepping van Karel die Grote se regeringsgebied in 'n Heilige Romeinse Ryk, met al die aansien, die heiligheid en die stabiliteit van sowel die keiserlike as die pouslike Rome" (bl. 468).

Gedurende die eeu en 'n half wat gevolg het ná Karel die Grote se kroning, het sy ryk stadig verbrokkel as gevolg van swak

opvolgers. Teen 936 het die Germaanse Saksers die magtigste groep in Sentraal-Europa geword. In 955 verslaan Otto, Hertog van die Saksers en op daardie stadium koning van die Germane, die Magjare (Hongare) wat probeer het om Wes-Europa vanuit die ooste binne te val. Etlike jare later het hy op versoek van pous Johannes XII na Italië gegaan wie hom weer aan bewind wou stel en in die nasleep daarvan ontvang hy die vorstelike kroon in Pavia, in 962. "Weereens is die spook van die Romeinse Ryk opgeroep om die suksesvolle vestiging van 'n half-barbaarse koning te bekragtig" (William McNiel, *Handbook of Western Civilizatio*n, bl. 317). Die kroning van Otto as keiser, kenmerk die inhuldiging van die derde kop met die oog op die voortsetting van die herstelde Westerse Ryk sedert Justinianus se Keiserlike herstel.

Hoe het Otto se tydgenote en hulle opvolgers die betekenis van sy herlewing van die ryk bejeën? Geskiedskrywer, Robert Hertzstein, skryf: "Die keiserryk was nie beskou as 'n blote term nie, maar as die algemene Christelike verteenwoordiger van God op aarde, om te bly voortbestaan tot die koms van die Antichris. Net soos Karel die Grote het Otto sy troon ontvang deur die pouslike aanspraak dat die Roomse Kerk die enigste vorstelike kiesgeregtigde was reeds sedert die vroeë vierde eeu ... Die 'Heilige' Romeinse Ryk is dus in 'n groot mate Germaans in sy etniese en politieke grondslag, Christelik in sy morele regverdiging en Romeins in sy aanspraak op wettigheid en veelsydigheid" (*The Holy Roman Empire in the Middle Ages*, red. Hertzstein, bl. viii).

In 'n verhandeling met die titel *"The Empire as a Regency for God on Earth"* skryf die hoogaangeskrewe Oostenrykse geskied-skrywer Friedrich Heer: "Die taak van die Keiserryk was om God se kampvegter of woordvoerder op aarde te wees, om Sy doelwitte hier te verwesenlik, om die Christendom en die Kerk te beskerm en om die regverdigheid van God en die Goddelike orde van die heelal op aarde te bewaar. Die aardse Keiserryk was die kortstondige weergawe van die ewigdurende Stad van God ... Hierdie aanspraak is aan die hele wêreld verkondig deur middel van die vorstelike simbole: Met die vorstelike appel, gevul met grond uit die vier uithoeke van die wêreld, hou die keiser die hele wêreld in sy hand ... [Die keiser] noem die vorstelike kroon *corona urbis et orbis* [die kroon van Rome en van die aardbol]; hy beskou homself as die *caput mundi* [hoof van die wêreld] en as die

*dominator obris et urbis* [hoof van die wêreld en regeerder van die aardbol en van Rome]" (Hertzstein, bll. 64-65).

Otto se herleefde Heilige Romeinse Ryk het voortbestaan vir ongeveer 300 jaar. Uiteindelik, met die dood van Conrad IV in 1254, is die Keiserryk egter so verdeeld deur mededingende partye, dat 19 jaar verbygaan sonder 'n keiser aan die hoof. Daarna is Rudolf I in 1273 tot keiser verkies – die eerste lid van die Hapsburg-familie om tot die vorstelike troon verhef te word. Die hoogtepunt van hierdie vierde herlewing van die antieke Romeinse *oppermag* was die kroning van Rudolf se afstammeling, Karel V in 1530 deur pous Clemens VII te Bologna. Karel het oor 'n ontsaglike groot keiserryk regeer. Van sy moeder Joan, dogter van Ferdinand en Isabella van Spanje, het hy Spanje met al die Spaanse besittings in die Nuwe Wêreld geërf. Van sy vader het hy groot Hapsburgse grondgebiede in Duitsland, Italië en Sentraal-Europa geërf.

Ná Karel V verswak die Hapsburgse mag egter en teen die 18e eeu is die "Heilige Romeinse Keiser" 'n niksseggende titel. Tydens die finale dekade van die 18e eeu is die hele Europa geskud deur die Franse Rewolusie. Kort na dié rewolusie het 'n man in Frankryk aan bewind gekom wat hoogs talentvol en uiters ambisieus was. Sy naam was Napoleon. Hy het na belangriker dinge gestreef as die presidentskap van 'n Franse Republiek of om selfs die nuwe koning van Frankryk te word. Sy ambisie kon net bevredig word deur die hervestiging van die Romeinse Ryk, met homself as die keiser. Soos geskiedskrywer Will Durant skryf: "Hy het gedroom om met Karel die Grote mee te ding en Wes-Europa te verenig" (*The Story of Civilization*, Will Durant, vol. 11, bl. 243).

Napoleon het homself beskou as die opvolger van Caesar en Karel die Grote. Hy roep 'n volksverkiesing uit wat hy feitlik eenparig wen en op 18 Mei 1804 laat hy die Franse Senaat hom as keiser verklaar. Onmiddellik daarna begin hy met pous Pius VII onderhandel om Parys toe te kom om hom as keiser in te seën. Die onderhandelings was suksesvol en die kroning vind plaas op 2 Desember 1804.

<table>
<tr><th>Beeld (Daniël 2)</th><th>4 Diere (Daniël 7);<br>*Ram en Bok (Daniël 8)*</th><th colspan="2">Diere uit See en Aarde<br>(Openbaring 13)</th></tr>
<tr><td>Kop van Goud<br>(v. 32, 38)</td><td>Leeu (7:4)</td><td colspan="2">7-Koppige dier uit See met<br>Bek soos 'n Leeu</td></tr>
<tr><td>Bors en Arms van Silwer<br>(v. 32, 39)</td><td>Beer (7:5);<br>*2-Horing ram (8:3-4, 20)*</td><td colspan="2">Pote soos 'n Beer</td></tr>
<tr><td>Buik en Dye van Brons<br>(v. 32, 39)</td><td>4-Kop Luiperd(7:6) *Ram met groot horing en 4 aansienlike horings (8:5-8, 21-22)*</td><td colspan="2">en<br>Lyf soos 'n Luiperd<br>(v. 2)</td></tr>
<tr><td rowspan="13">2 Bene van Yster<br>(v. 33, 40-43)</td><td>Dier met Ystertande en 10 Horings (7:7, 23-24)</td><td colspan="2">7e Kop van dié Dier het<br>10 Horings (v. 1)</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="2">Dodelike wond (v. 3)</td></tr>
<tr><td>1e Horing (ontwortel)</td><td colspan="2">1e Horing</td></tr>
<tr><td>2e Horing (ontwortel)</td><td colspan="2">2e Horing</td></tr>
<tr><td>3e Horing (ontwortel)</td><td colspan="2">3e Horing</td></tr>
<tr><td>Klein horinkie tussen die<br>10 (7:8, 20-22, 24-27)</td><td colspan="2">2-Horing Lam-tipe Dier<br>van Aarde en Beeld<br>(v. 11-18)</td></tr>
<tr><td>4e Horing</td><td>1e v Laaste 7 Horings;<br>Dodelike wond genees</td><td rowspan="5">Dier Vervolg 1 260 Jaar na Genesing (v. 5) 554 - 1814 nC</td></tr>
<tr><td>5e Horing</td><td>2e v Laaste 7 Horings</td></tr>
<tr><td>6e Horing</td><td>3e v Laaste 7 Horings</td></tr>
<tr><td>7e Horing</td><td>4e v Laaste 7 Horings</td></tr>
<tr><td>8e Horing</td><td>5e v Laaste 7 Horings</td></tr>
<tr><td colspan="3">In 1814, 1260 jaar na die dodelike wond genees is in 554 n.C., eindig die "Heilige Ryk" toe . . . (vervolg op vlge bl)</td></tr>
<tr><td>9e Horing</td><td colspan="2">6e v Laaste 7 Horings</td></tr>
<tr><td>Tien tone aan die twee voete van yster gemeng met klei (v. 33, 42)</td><td>10e en Finale Horing</td><td colspan="2">7e v Laaste 7 Horings</td></tr>
</table>

| Hoer ry Skarlakenrooi Dier (Openbaring 17) | Simboliese Betekenis | Historiese Vervulling |
|---|---|---|
| | 1e Kop van Babilon | Neo-Babiloniese (of Chal-deeuse) Ryk, 625 - 539 v.C. |
| | 2e Kop van Babilon | Medo-Persiese Ryk 558 - 330 v.C. |
| | 3e, 4e, 5e en 6e Koppe van Babilon | Hellenistiese Ryk v Alexan-der die Grote & 4 verdelings daarvan 333 - 31 v.C. |
| 7-Koppige Rooi Dier (v. 3) (op stadiums deur Hoer gery soos hieronder aangedui) | 7e Kop van Babilon | Romeinse Ryk 31 v.C. - 476 n.C. (Konstantyn verklaar "Christendom" as amptelike godsdiens in 324 n.C. |
| | Klaarblyklike einde v Dier | Val van Rome (476 n.C.) |
| | 3 Opeenvolgende Horings (Ariaanse Barbare verslaan in opdrag van pous-die "Oorgangstyd" volgens Philip se *Ancient History*, bl. 571) | Koninkryk van die Vandale 429 - 533 n.C. |
| | | Herule (onder Odoacer) 476 - 493 n.C. |
| | | Koninkryk van die Oos-Gote 493 - 554 n.C. |
| Ryklik geklede Hoer, naam: Verborgenheid, die groot Babilon (v. 1-6) | Vals Christelike godsdiens regeer die Dier | Rooms Katolieke Kerk onder Pous (vlg "beeld" vd Romein se burgelike regering) |
| 1e Kop van Rooi Dier deur Hoer gery | Herlewings van die Dier: Die laaste 7 horings van Daniël 7 & Open 13 is dieselfde as 7 koppe van skarlakenrooi Dier van Openbaring 17 (5 het reeds "geval" toe Napoleon in 1814 verslaan is - Open. 17:10) | Keiserlike herstel v Weste onder Justinianus (554 nC) |
| 2e Kop van Rooi Dier deur Hoer gery | | Karolingiese Ryk (Karel die Grote gekroon in 800 n.C.) |
| 3e Kop van Rooi Dier deur Hoer gery | | Heilige Romeinse Ryk (Otto die Grote gekroon in 962) |
| 4e Kop van Rooi Dier deur Hoer gery | | Hapsburgse Vorstehuis (Ka-rel V gekroon in 1530 n.C.) |
| 5e Kop van Rooi Dier deur Hoer gery | | Napoleon se Ryk 1804 - 1814 |
| Napoleon verslaan is. Volgens Willis West se *Modern History* "sluit dit 'n regering af wat sedert Augustus Caeser gedateer het" (bl. 377) | | |
| 6e Kop van Rooi Dier deur Hoer gery | "Een IS" (Open. 17:10)-God se Kerk verstaan dit in die eindtyd (Dan. 12:9-10) | Italië en Duitsland eindig in die Hitler-Mussolini Spil-moondhede 1870 - 1945 n.C. |
| 7e Kop deur Hoer gery (met 10 Horings); 8e as Dier self as 1e stel getel word (v. 11) | Ander herlewing Wat Nog NIE GEKOM HET NIE (Open. 17:10) | Laaste herlewing van die Romeinse Ryk (10 nasionale leiers onder 'n enkele leier) |

Die Hapsburgers van Oostenryk handhaaf egter hulle aanspraak op die titel "Heilige Romeinse Keiser". Hulle word egter hard getref deur Napoleon se herhaaldelike militêre en diplomatieke aanvalle – veral sy aanvaarding van dié vorstelike titel. Twee jaar later, op Napoleon se aandrang, onttrek 16 prinse en hulle state van die Hapsburgse Heilige Romeinse Ryk, vorm die Bondgenootskap van die Ryn en versoek Napoleon om hulle onder sy beskerming te neem as deel van *sy* ryk. Die volgende maand, op 6 Augustus 1806, doen Frans II van Oostenryk afstand van sy betekenislose titel "Heilige Romeinse Keiser". Napoleon se Europese Ryk het nou gestrek van die Atlantiese Oseaan tot by die Elberivier. Frankryk, Spanje, Holland, België, Wes-Duitsland en uiteindelik die hele Italië het sy hernude ryk gevorm. Napoleon word dus die vyfde kop van die herleefde Westelike *oppermag* sedert die dae van Justinianus.

Napoleon se keiserryk was egter nie bestem om lank te hou nie. 'n Bondgenootskap onder leiding van die Britte bring sy bewind in 1814 tot 'n val en hy moet van sy troon afstand doen. Dit is die einde van 'n tydperk van 1 260 jaar sedert die Keiserlike herstel onder Justinianus in 554. Dus is die profesie in Openbaring 13:3-5 met betrekking tot die dier se dodelike wond, die daaropvolgende genesing daarvan en voortsetting van die dier se "twee-en-veertig maande" heerskappy vervul (42 "maande" van 30 dae elk is gelyk aan 1 260 "dae"). Napoleon se afstanddoening van die troon kenmerk die einde van 'n belangrike tydperk. Volgens profesieë moet daar nog twee pogings wees om die grootsheid van antieke Rome te laat herleef.

## Twee finale herlewings — Een in die verlede en een moet nog kom

Ná Napoleon se ineenstorting in 1814, bly Duitsland en Italië verdeeld en magteloos vir die volgende halfeeu. Albei was verdeel in 'n aantal klein staatjies en prinsdomme en was verskeur deur interne twis. Teen 1871 slaag Bismarck daarin om die hele nie-Hapsburgse Duitsland te verenig onder die Pruisiese koning, Wilhelm, terwyl Garibaldi daarin kon slaag om die hele Italië suksesvol onder Victor Emmanuel, die noordelike Italiaanse koning van Sardinië-Piëmont, te verenig.

Vyftig jaar ná die instelling van Garibaldi se unie, kom 'n sterk man in hierdie verenigde Italië aan bewind, met 'n visie om die prag en glorie van antieke Rome weereens te herstel. Sy naam was Benito Mussolini en in 1922 kom sy Fascistiese party aan bewind. Die Fasciste ontleen hulle naam aan die keiserlike Romeinse *fasce*s – 'n byl omhul deur 'n bondel stawe, wat eenheid en gesag simboliseer. Dit was gedra deur Romeinse konsuls as simbool van hulle amp.

Sedert 1870, toe koning Victor Emmanuel se Italiaanse leër die pouslike leërs verslaan en Rome beset het, was daar 'n gespanne afstandhouding tussen die pouse en die nuwe regeerders van Italië. In 1929 onderteken Mussolini uiteindelik die Lateraanse Verdrag met die pousdom. Hierdie verdrag het die pousdom se soewereiniteit oor die Vatikaanstad bevestig en het Mussolini se regering ook die eerste Italiaanse regering in moderne geskiedenis geword wat amptelik deur die Pous erken is.

Hierdie verdrag wat tussen die pousdom en Italië se Fascistiese regering onderteken is, was 'n voorloper van die een wat vier jaar later tussen die pousdom en Duitsland se Nazi-regering onderteken is. Die rol van die Vatikaan om beide Mussolini en Hitler aan bewind te stel, word uiteengesit in *Hitler's Pope, the Secret History of Pius XII (John* Cornwell, Viking, 1999).

Gretig om "roem" te herstel, begin Mussolini soek na gebiede om te verower. Ethiopië, wie se leër die Italianers in 1896 uit Oos-Afrika verdryf het, het geblyk 'n waarskynlike moontlikheid te wees. Mussolini se magte val Ethiopië en Somalië met welslae binne. In 1936 kondig hy met groot trots aan, vanaf die balkon van die Venisiese Paleis, dat dit "die herverskyning is van die Keiserryk op die voorafbestemde heuwels van Rome ná vyftien eeue". Mussolini gaan daarna voort om 'n bondgenootskap met Adolf Hitler, heerser van Duitsland sedert 1933, aan te gaan. Dit het die Rooms-Berlynse Spilmoondhede van die Tweede Wêreldoorlog tot gevolg gehad. Hierdie sesde poging om Europa te verenig deur imperiale (keiserlike) Rome te laat herleef, misluk egter in 1945 in oneer.

Baie mense het in die nasleep van die Tweede Wêreldoorlog gesê dat Europa se tyd verby was. Oor die hele vasteland en veral in Duitsland, is stede, die platteland en nasionale ekonomiese instellings verwoes. Vir baie mense het dit voorgekom asof die Russiese Kommunisme die weg vir die toekoms van Europa sou

wees. Per slot van rekening het Stalin, na afloop van die oorlog, blitsvinnig soveel moontlik van die Europese grondgebied tot Russiese voordeel bekom. Die idee dat Europa, met Duitsland as leier, 'n dominante rol in wêreldsake sou kon speel, was iets wat die meeste waarnemers nooit voorsien het nie.

Nogtans is daar in 1957, slegs twaalf jaar ná die beëindiging van die oorlog, 'n klein Gemeenskapsmark (Europese Ekonomiese Gemeenskap of EEG) ingestel deur die Verdrag van Rome. Dit het bestaan uit Frankryk, Wes-Duitsland, Italië en die drie Benelux state (België, Nederland en Luxemburg). Dit was die direkte voorganger van vandag se invloedryke Europese Unie.

## Profesieë vir Ons Tyd en in die Toekoms

Is die Europese Unie besig om die weg te baan vir die sewende en laaste poging om die grootsheid en mag van keiserlike Rome weer te laat herleef? Wanneer Daniël 7 en Openbaring 13 met mekaar vergelyk word, sien ons dat die "tien horings" (koninkryke) voortgespruit het uit die Romeinse Ryk, die sewende kop van die dier. Die eerste drie van daardie "horings," die Vandale, die Heruli en die Oos-Gote, was op pouslike aandrang ontwortel. Dit is die vervulling van die profesie in Daniël 7:7-8, 23-25 en dit laat ons dan met die laaste sewe "horings". Ses pogings is, met pouslike goedkeuring, aangewend om die ryk van antieke Rome te herstel. Hulle het almal gekom en gegaan en is nou deel van die geskiedenis.

Die verhaal van die sewe herlewings, (ses van die verlede en een wat nog moet kom) word ook simbolies vertel in Openbaring 17. Hier vind ons 'n ander dier uitgebeeld met sewe koppe en tien horings. Hierdie dierasie is anders as dié een in Daniël 7 en Openbaring 13 – dit word gery deur 'n vrou, wat simbolies is van 'n godsdienstige organisasie wat genoem word: "Verborgenheid, die groot Babilon". Met ander woorde, dit is 'n voortsetting van die antieke Babiloniese verborgenheids-godsdiens wat nou groot en magtig geword het.

Die sewekoppige dierasie van Openbaring 17 is duidelik die Heilige Romeinse Ryk, want "Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit" (vers 9). In vers 9 word die sewe "berge" geïdentifiseer as sewe konings of koninkryke. Die dierasie wat in Daniël 7 en Openbaring 13 uitgebeeld word, was nie deur 'n vrou

gery nie, maar die dier van Openbaring 17 wel. Net soos sy voorganger, het dit tien horings op die laaste kop. In Openbaring 17 verteenwoordig die tien horings, tien toekomstige heersers wat gesamentlik hulle mag en gesag aan "die dier" sal gee – 'n eindtydse herlewing van die antieke Heilige Romeinse Ryk. Die tydsbepaling is nog in die toekoms, want hierdie tien sal teen Christus veg met Sy Wederkoms (Openbaring 17:12-14, 17).

Dit bring ons terug na die eerste visioen wat Daniël vertolk het – die beeld in Daniël 2 se bene van yster wat eindig in twee voete van yster en klei. Daar word dit uitgebeeld dat die tien tone, vyf aan elke voet, verpletter word deur Christus met Sy Wederkoms, voordat Hy God se Koninkryk hier op aarde kom vestig (Daniël 2:34-35, 42-44). Die tien tone van Daniël 2 en die tien horings van Openbaring 17 is sinoniem en beeld tien heersers uit wat gesamentlik ondersteuning sal verleen en trou sal sweer aan die sewende en laaste herlewing van die Romeinse Ryk.

Die bene van die beeld in Daniël 2 verteenwoordig die Romeinse Ryk wat deur keiser Diokletianus in 286 n.C. verdeel was in die Oostelike Ryk en die Westelike Ryk. Bybelse profesie fokus op die voortsetting van die Westelike Ryk – die dier wat deur die "vrou" gery word. Daniël toon egter aan dat die Oostelike been ook 'n rol het om te vervul in die finale herlewing. Die Oostelike Romeinse Ryk het tot in 1453 bly voortbestaan met keisers wat in Konstantinopel regeer het, maar die stad is toe deur die Ottomaanse Turke oorrompel en die laaste keiser, Konstantyn XI, is doodgemaak.

Dit was egter nie die einde van die Oostelike been nie. In 1472, negentien jaar ná die val van Konstantinopel, het die pous 'n huwelik voltrek tussen Ivan die Grote, Hertog van Moskowië (moderne Westelike Rusland) en Zoe, die niggie en erfgenaam van die laaste Oostelike keiser. "Die huwelik was belangrik om die aanspraak van Russiese regeerders te vestig as die opvolgers van Griekse keisers en die beskermers van die Ortodokse Christendom ... Ivan het die titel *Tsaa*r, [of *Czar*] dit is Caesar of Keiser, aangeneem" (Langer, bl. 342). Deur die geskiedenis heen bly die Romeinse Ryk dus voortbestaan as twee bene. Daar was twee individue wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle opvolgers van Caesar was. In die Latynse, Germaanse, Rooms-Katolieke sfeer van die weste was *Kaiser[Keiser]*die heerserstitel en in die

Griekse, Slawiese, Ortodokse sfeer van die Ooste was dit *Tsar [Tsaar]*.
Die Een wat "vantevore aankondig wat later sal kom" openbaar dat tien konings of heersers wat opvolgers van **beide** die oostelike en westelike "bene" sal wees, uiteindelik sal verenig. Hulle sal die laaste herlewing van die Romeinse Ryk vorm – die finale verwesenliking van Babilon.
Daar is baie slegte nuus vir wat in die toekoms voorlê. Hierdie finale tien heersers gaan hulle ondersteuning gee aan 'n toekomstige verbintenis tussen kerk en staat in Europa wat na wêreldoorheersing sal streef. Johannes Haller, 'n bekende Duitse geskiedskrywer wat in 1947 oorlede is, het geskryf: "In die geheue van die Duitse volk leef die antieke (Heilige Romeinse) Ryk voort as 'n tyd van grootsheid en prag wat eendag weer moet herlewe".
Ná 'n tydperk van oënskynlike vrede en vooruitgang sal hierdie stelsel die hele wêreld in 'n nagmerrie dompel. Tensy God ingryp, deur Jesus Christus weer na hierdie aarde terug te stuur, sal algehele vernietiging die gevolg wees en geen mens sal oorleef nie (Matthéüs 24:21-22, 29-30).
Daar is nogtans goeie nuus wat op die slegte nuus volg – werklik die beste nuus moontlik. "Maar in die dae van dié konings [hierdie unie van Europese leiers] sal die God van die hemel 'n Koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (Daniël 2:44).

## Twee-en-veertig maande

Openbaring 13 sê dat die dier vir 42 maande sal voortgaan nadat sy wond "genees" is. Is dit 42 letterlike maande?

Kom ons ondersoek 'n ander periode van 42-maande. Openbaring 11 het in geheel te doen met die eindtyd (verse 14-15). Die begin van die hoofstuk toon dat Jerusalem vir 42 maande deur die heidene vertrap sal word. Ons lees ook dat God se twee getuies in die eindtyd vir 1,260 dae sal profeteer (vers 3). Hierdie twee periodes is een en dieselfde. 'n Bietjie rekenkunde dui daarop dat elke maand 30 dae lank is (want 42 x 30 = 1,260). Hierdie periode is ook 3½ jaar (42 maande gedeel deur 12 maande in 'n jaar). Aangesien die konteks daarop dui dat die twee getuies werklike persone is wat in die eindtyd doodgemaak en dan weer opgewek sal word (verse 7-14), kan ons aanneem dat die 42 maande hier gelyk is aan 1,260 letterlike dae.

Die hoofstuk oor die dier (Openbaring 13) speel egter nie in so 'n kort tydperk af nie. Dit strek oor eeue heen, vandat die dier (die Romeinse Ryk) 'n dodelike wond sal opdoen (die ondergang van Rome in 476 n.C.) en daarna genees word (Justinianus se Keiserlike Herstel in 554), tot in die eindtyd. As die 42 maande in vers 5 verwys na 1,260 letterlike dae, sou die herstelde [Romeinse dier vir 3½ jaar voortbestaan het van 554 tot 558. Justinianus is eers in 565 oorlede! Dus moet daar 'n ander verduideliking wees.

Die Skrif toon dat 'n dag somtyds 'n jaar kan beteken in Bybelse profesieë (vergelyk Númeri 14:34; Eségiël 4:6). Indien 42 maande dus gelyk is aan 1,260 dae, dan gee 'n dag vir 'n jaar hier vir ons 1,260 jaar. Was daar 'n periode van presies 1,260 jaar van keiserlike voortbestaan sedert Justinianus se Keiserlike Herstel? Ja – vanaf 554 tot Napoleon se troonafstand en verbanning in 1814! Dié interpretasie maak beslis die meeste sin.

# HOOFSTUK 4

## Die Dier se Geheimsinnige Merk

Daar is seker geen profetiese onderwerp waaroor daar meer gegis en gespekuleer word as juis die "merk van die dier" nie. Benewens die "merk" maak Openbaring 13 ook melding van "die dier se beeld" en die geheimsinnige "getal van sy naam" – 666. Dit noem selfs 'n "ander dier". Wat is die betekenis van hierdie raaiselagtige simbole?

Voordat ons die getal, die beeld of die merk ondersoek, neem eers in ag wat ons tot dusver vasgestel het. Die eindtydse dier word duidelik in u Bybel geïdentifiseer as die moderne opvolger van die antieke Babiloniese Ryk. Die profeet Daniël identifiseer vier opeenvolgende koninkryke: Babilonië, Persië, Griekeland en Rome. Rome, die "vierde koninkryk", sou bly voortbestaan te midde van sewe herlewings tot en met die Wederkoms van die Messías, wanneer die God van die hemel die laaste herleefde Romeinse Ryk sal vernietig en 'n Koninkryk sal vestig wat vir ewig sal bestaan.

Aangesien die Romeinse Ryk die dier is wat deur Johannes beskryf word in Openbaring 13 en Openbaring 17, is die "merk" 'n kenteken of merk van die Romeinse Ryk. Die "beeld" van die dier moet iets wees wat ontwerp of gevorm is volgens die Romeinse Ryk.

Voordat ons enigsins verder gaan, let daarop dat Openbaring 13 melding maak van 'n tweede "dier" met 'n aardse, nie hemelse, oorsprong (vers 11). Dit doen hom voor asof hy Christelik is en probeer om geïdentifiseer te word met Christus, die Lam van God (vergelyk Johannes 1:29), maar ontvang sy heerskappy van die duiwel, die ou draak (Openbaring 12:9). In profesie word horings gebruik om heerskapppy of gesag uit te beeld, en hierdie gedierte word uitgebeeld met twee horings. Openbaring 13:12 toon dat hierdie tweede dier daarop aandring dat almal trou en lojaliteit aan die Heilige Romeinse Ryk moet sweer – die dier waarvan die dodelike wond genees het (vers 12). Hierdie tweede dier word beskryf as een wat groot wonders verrig, wat die mensdom sal mislei (verse 13-14). In Matthéüs 24:24 profeteer Christus oor

"valse Christusse" wat al die mense, behalwe die paar uitverkorenes, sal mislei.
Was daar ooit in die geskiedenis al 'n instelling wat daarop aanspraak gemaak het om Christus te verteenwoordig ("soos 'n lam" sien vers 11) en wat gesag uitgevoer het by wyse van verskeie "wonderwerke" (vers 26)? Was daar al 'n instelling wat die duiwel se valse boodskap verkondig het dat God se Wet afgeskaf is en wat daarop aangedring het dat al sy volgelinge hulle trou aan die Heilige Romeinse Ryk moet gee? Regdeur die middeleeuse tydperk het die Kerk van Rome presies net dit gedoen!
Waarom twee horings? Die Kerk van Rome was beide 'n geestelike en 'n burgerlike regering. Die pous was beide die godsdienstige leier en die burgerlike hoof van die staat. Bybelse profesie toon dat die kerk-staat unie van die Middeleeue 'n voorloper is van eindtydse gebeure wat op 'n baie groter skaal sal plaasvind.

**Die Raaiselagtige Merk**

Wat kan moontlik beskou word as die teken of merk van die Romeinse Ryk? Wat dit ook al mag wees, dit gaan binne 'n paar jaar vereis word van elkeen wat wil deelneem aan die ekonomiese stelsel van die Groot Babilon (Openbaring 13:17). Die mense wat dit aanvaar sal nogtans God se ongetemperde grimmigheid op hulle laat neerkom (Openbaring 14:9-10). Wat hierdie merk ookal is, dit bestaan alreeds vir eeue, omdat al die regverdige martelare dit verwerp het (Openbaring 20:4). Wanneer dit die interaksie tussen die Kerk van Rome en die middeleeuse Heilige Romeinse Ryk beskryf, maak Openbaring 13 dit duidelik dat die merk, die beeld en die getal van die dier se naam, almal reeds bestaan het sedert die Middeleeue as 'n voorloper van eindtydse gebeure.
In die verlede is talle voorstelle aan die hand gedoen om hierdie merk te identifiseer. In die 1930's het sommige mense in Amerika dit probeer verbind met die "*Social Security*"-kaarte ('n tipe persoonskaart) wat deur die Roosevelt-Administrasie verpligtend gemaak is. Ander mense het weer onheilspellende implikasies gesien in die strepieskodes op produkte in winkels wat deur middel van elektroniese apparaat "skandeer" word. Nog ander koester selfs agterdog teen banke se OTM-kaarte of ander tegnologiese

ontwikkelings. Baie mense verwag dat 'n soort tatoeërmerk of 'n mikro-rekenaarskyfie onder die vel op 'n niksvermoedende bevolking afgedwing gaan word. Tensy ons egter kyk na ***alles*** wat die Bybel openbaar oor hierdie onderwerp, sal ons nie in staat wees om enige duidelike begrip oor die onderwerp te verkry nie.

Openbaring 14:10 dui aan dat die grimmigheid van God uitgegiet sal word oor diegene wat die merk van die dier ontvang. Let op wat die apostel Paulus duidelik leer oor die ontvangers van die grimmigheid van God. Kolossense 3:6 vertel aan ons dat "... die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid kom". Die merk van die dier is dus 'n kenteken van ongehoorsaamheid aan God. Dit dui diegene aan wat weier om God se Gebooie te onderhou ten spyte van die prediking van die twee getuies en die laaste waarskuwing wat deur 'n engel van God gegee sal word (Openbaring 14:9).

Die **merk van die dier is 'n duidelike kenmerk van ongehoorsaamheid** aan God en Sy Wette. Openbaar die Bybel 'n teenstellende **teken van gehoorsaamheid** wat God se ware mense sal identifiseer? Lees wat staan in Exodus 31:13-17. Hier verklaar God aan antieke Israel dat Sy *Sabbatte* vir ewig 'n teken sal wees tussen Hom en Sy mense! **Die Sabbat is die toetsgebod** wat die God van die skepping en die mense wat gehoorsaam is aan Sy opdragte en Wette, identifiseer.

Openbaring 13 verduidelik dat die merk van die dier, 'n teken van ongehoorsaamheid aan God, op die hand of voorhoof gegee sal word. Soos ongehoorsaamheid beskryf word deurdat dit op die hand of voorhoof gedra word, so ook is gehoorsaamheid aan God se Wette. Kyk in Deuteronómium 6: "dit is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die Here julle God beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem; dat jy die Here jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou ... Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees" (verse 1-2, 8). Die hand is die simbool van dade, terwyl die voorhoof die setel van intellek is. Gehoorsaamheid aan God behels beide dade (hand) en wilsbesluite (voorhoof).

Die merk van die dier is 'n teken van ongehoorsaamheid aan God. Dit behels nie slegs verwerping van God se teken van gehoorsaamheid – die Sabbat nie – maar ook die aanvaarding van

’n vervalsde teken of merk. Hierdie merk is in werklikheid ’n teken wat ontleen is aan Babilon en Rome. Is daar so ’n simbool wat die hele pad gekom het tot in moderne tye?

**Sonaanbidding – Satan se Antieke Vervalsing**

In antieke Babilon het die konings gedien as hoëpriesters van die son, Bel-Mardoek [of Baäl]. “Om die hand van Bel-Mardoek te neem” was deel van die inhuldigingseremonie van ’n koning in Assirië en Babilonië (“*Babilonian and Assyrian Religion*,” *Encyclopædia Britannica*, 11de uitgawe). Die viering van die wintersonstilstand om en by 25 Desember, was beskou as die geboortedag van die son. Dit was ’n belangrike vakansiedag wat gepaard gegaan het met die uitdeel van geskenke en die heilige immergroen boom.

’n Groot deel van Babiloniese heidense aanbidding het nie net om die son gewentel nie, maar, op sy beurt, het elkeen van die Babiloniese opvolgers dit ook nagevolg – eerstens in Persië en later in beide die Hellinistiese wêreld en Rome. Teen die tyd dat al vier van Daniël se diere verrys het, is sonaanbidding as die voorkeur godsdiens na die voorgrond gebring.

Persië was Babilon se eerste opvolger. Antieke Persiese godsdiens was toegespits op die aanbidding van Mithras, die god van lig. As gevolg van Babiloniese invloed, het dit egter gebeur dat Mithras vereenselwig geword het met die Babiloniese songod. Die Grieke van Klein-Asië het Mithras vereenselwig met hulle antieke songod, Helios, en het bygedra tot die weswaartse uitbreiding van die kultus van die son. Alexander die Grote het na die tempel van Amon-Ra in Egipte gereis om daar deur die priesters verklaar te word as die letterlike seun van die songod. Wat van Rome? “Mithras, het met Sol Invictus in Rome identifiseer en het dus die gewer van gesag en oorwinning aan die keiserlike huis geword” (“Mithras” *Encyclopædia Britannica,* 11de uitgawe). Volgens *Lempriere’s Classical Dictionary,* “was Sol, die songod van die Romeine, aanbid as Baäl of Bel van die Chaldeërs [Babiloniërs]” (bl. 590). Sonaanbidding en die simbole daarvan was deur die Romeinse Ryk aangeneem en oorgedra aan die hele westerse wêreld!

In moderne Libanon is daar vandag ’n klein Arabiese dorpie met die naam Baalbek. Daar word die ruïnes gevind van twee

majestueuse tempels, eens die trots van Heliopolis, die Grieks-Romeinse "Stad van die Son". Let op hoe die geskiedskrywer Will Durant dit verduidelik: "Augustinus het 'n klein nedersetting daar gevestig en die dorp het ontwikkel tot die heilige setel van Baäl, die songod ... Antoninus Pius en sy opvolgers – Romeinse, Griekse en Siriese argitekte en ingenieurs – het op die plek van 'n ou Fenisiese tempel van Baäl, 'n heiligdom vir Iuppiter Heliopolitanus opgerig" (*The Story of Civilization*, Will Durant, volume 3, bl. 511). So het die Romeinse Jupiter dus vereenselwig geraak met Baäl, die antieke songod.

'n Ander groot sentrum van heidense sonaanbidding was die tempel by Heliopolis in Egipte, waar 'n groot gedenknaald, geheilig aan die son, geleë was. Om en by 40 n.C. het die Romeinse keiser, Caligula, hierdie gedenknaald laat vervoer vanaf Egipte na Rome en dit laat oprig in sy arena op die Vatikaan-heuwel. In 1586, in opdrag van pous Sixtus V, is hierdie antieke gedenknaald – 25.30 meter, 83 voet) hoog en met 'n gewig van 320 ton – 'n kort entjie verskuif na sy huidige staanplek. Dit het 'n taakmag van 800 werkers, 160 perde en 45 hyskrane vereis om die gedenknaald presies in die middel voor die ingang van die St Peter Katedraal geplaas te kry.

In antieke Rome, voor die dae van die Ryk, was daar eredienste wat gewy was aan Sol, die songod. Parrinder se *World Religions from Ancient History to the Present*, bespreek die ontwikkeling van sonaanbidding as die godsdiens van Rome:

"Dit was natuurlik dat, namate die middelpunt van aanbidding van die Romeinse Ryk ooswaarts verskuif het, sonaanbidding in mag sou toeneem. Dit was alreeds gevestig in keiserlike propaganda: Nero se Goue Huis was 'n toepaslike tuiste vir die verpersoonliking van die son en Antonius het aan die son spesiale eer toegeken. Onder die Severan vorstehuis het sonaanbidding oorheersend geword; die songod was uitgebeeld met Severus se kenmerkende baard en die keiser het die titel INVICTVS (onoorwonne), wat die uitsluitlike bynaam van die son was, aangeneem ... Die son was 'n grootse samebindende simbool en ontmoetingspunt vir die hele ryk ... In 274 n.C. het Aurelianus die songod bevestig as die opper-god van die Romeinse Ryk" (bl. 175).

Aurelianus, keiser van 270-282 n.C. het ’n groot deel van Rome se derde-eeuse morele en politieke chaos aan godsdienstige onenigheid toegeskryf. Hy het gepoog om die hele ryk te verenig in die “aanbidding van die songod en van die Keiser as verteenwoordiger van daardie godheid op aarde ... Hy het ’n glansryke Tempel van die Son in Rome gebou waarin, soos hy gehoop het, die Baal van Emesa en die god van Mithraïsme kon verenig ... Aurelianus het daardie veroosterliking van die vorstedom bevorder, wat met Elagabalus begin het en algeheel vervul sou word in Diocletianus en Konstantyn” (Durant, bl. 639).

Konstantyn, wat as Rome se eerste “Christelike” keiser beskou word, was self ’n aanhanger van die songod. “Die keiser Konstantyn se Christelikheid was inderdaad twyfelagtig. Sy familie was tradisionele getrouheid aan die songod verskuldig; die beroemde visioen van die kruis, toe hy na Rome opgemars het, het van die son af na hom gekom; die son het deur die dekades heen op sy muntstukke bly voorkom, op sy boog in Rome en sy eie standbeeld in Konstantinopel het die stralekrans-kroon van die songod gedra” (Parrinder, bl. 175). Teen die eerste eeu het die sewedaagse planitêre week gewild geraak in Rome. Die sewedaagse week het sy oorsprong in die Skepping (Génesis 1) en die kennis van die korrekte weeklikse siklus is deur die Jode bewaar. In antieke Babilon het elkeen van die sewe dae van die week geassosieer geword met wat die antieke volke die sewe planete genoem het: die Son, Maan, Mars, Mercurius, Jupiter, Venus en Saturnus. Dit is belangrik, aangesien dit die geleentheid geskep het vir ’n keiserlike proklamasie wat onuitwisbaar ’n teken **of merk** – ontleen aan antieke sonaanbidding – op die belydende Christelike wêreld afgedruk het.

In die *Encyclopædia Britannica* is opgeteken: “Die vroegste erkenning van eerbiediging van Sondag as ’n wetlike plig is ’n bepaling van Konstantyn in 321 n.C. wat ’n wet uitgevaardig het dat alle geregshowe, inwoners van dorpe en werkswinkels moes rus op Sondag (*venerabili die solis*)” (*“Sunday,”* 11de uitgawe).

Deur die Latynse term te gebruik, korrek vertaal as “eerbiedwaardige dag van die son,” het Konstantyn die eerste dag van die week geïdentifiseer met daardie dag wat vanaf antieke tye gewy was aan Sol, die son. Deur dié proklamasie van ’n Romeinse keiser, was ’n merk uit antieke Babilon en die kultus van sonaanbidding gewelddadig op die inwoners van die Romeinse

Ryk afgedwing. Daardie merk – met ander gepaardgaande simbole van sonaanbidding – het bly voortbestaan deur die Middeleeuse tydperk tot in moderne tye.

**Die Beeld van die Dier**

Ons het gesien dat die tweede dier wat in Openbaring 13 vermeld word, niemand anders as die Kerk van Rome is nie, terwyl die eerste dier waarna verwys word, die Romeinse Ryk is. Die tweede dier, die Kerk van Rome, het opdrag gegee "dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het" (vers 14), naamlik die eerste dier of die Romeinse Ryk. Wat is 'n beeld? Dit is 'n afdruk, 'n model, 'n voorstelling of 'n ewebeeld. Die beeld van die dier is dus 'n ewebeeld van die antieke Romeinse Ryk – iets soos 'n model van die heidense Romeinse koninkryk of regering. Let op die duidelike verklaring van die Britse geskiedskrywer en staatsman, James Bryce, dat die "pouslike [stelsel] self gevorm is volgens die ouer Ryk" ("*A History of the Holy Roman Empire Must Be Deduced from Its Theory*," Hertzstein, bl. 53).
Openbaring 13 verduidelik dat die valse kerk, die tweede dier, daarop aandring dat alle mense algehele lojaliteit en toewyding (aanbidding) moes betoon aan die beeld wat betref die godsdienstige organisasie van die struktuur wat volgens die antieke Romeinse Ryk gevorm is. Dit sal tot gevolg hê "dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie" (Openbaring 13:15). Gedurende die Middeleeue het die Kerk nie self hierdie straf uitgedeel nie. Daardie mense wat geweier het om die stelsel aan te hang, is eenvoudig tot ketters te verklaar. Diegene wat deur die kerk met die banvloek getref was, was beskou as vyande van die staat en was gevolglik daarvolgens deur die burgerlike regering hanteer.
Die Romeinse Ryk van die eerste eeu was 'n gesagstaat. Baie mense besef egter nie dat vir baie ampte, verkiesing 'n eervolle gebruik was nie. Selfs die keiser was verkies, kwansuis deur die Senaat, maar eintlik algemeen deur die Praetoriaanse Wag, of eenvoudig deur die leër en in die Romeinse munisipaliteite was openbare vergaderings gehou om ampsdraers te verkies.
Selfs sommige van die ouer garde wat deur Paulus aangespreek is in Handelinge 20:30, het later voorbokke geword om God se

mense te mislei om die voorbeeld van die Romeinse dorpsrade te volg deur openbare kerkvergaderings met verkose ampsdraers te hou. Let op wat die geskiedskrywer, Arthur Boak hieroor sê: "Hierdie dorpsrade was noukeurige toonbeelde van Rome, alhoewel sekere titels, soos dié van konsul en senaat, gesreserveer was vir die hoofstad ... Alle ampsdraers was deur die volk verkies" *(A History of Rome to 565 A*D, 1965, bl. 370). Dr. Boak sê verder: "Terwyl die laer klasse van Rome en die dorpsrade min geleentheid gehad het vir politieke aktiwiteite, was hulle daarvoor vergoed deur die sosiale lewe van hulle gildes of genootskappe ... Daar het dus professionele, godsdienstige en begrafnis-genootskappe of rade voortgespruit. Die organisasie daarvan was volgens die model van die dorpsrade" (bl. 370-371). Wat die struktuur in die gemeenskappe van die opkomende Rooms-Katolieke Kerk aanbetref, voeg dr. Boak by: "Hierdie gemeenskappe was wat betref hulle organisasie, almal van dieselfde algemene tipe, 'n weergawe van die Romeinse godsdienstige *collegia*" (bl. 401).

Toenemende getalle onbekeerde mense in die gemeentes het aangedring om 'n "sê" te hê. Hulle het leermeesters gekies wat verkiesings goedgekeur en hulle tevrede gestel het deur dinge te leer wat hulle al hoe meer teruggelei het na die heidense gewoontes van die samelewing waarin hulle hul bevind het. In sy laaste brief aan Timótheüs, het die apostel Paulus hierdie verloop van sake voorspel (2 Timótheüs 4:3-4).

Die geskiedskrywer Edward Gibbon skryf "dat die orde van openbare beraadslagings spoedig die amp van president ingestel het, wat minstens gesag gehad het om menings in te win en die besluite van die vergadering uit te voer" (*Triumph of Christendom in the Roman Empire*, bl. 44). Gibbon gaan voort om die tye wat gevolg het op Konstantyn se regering, te beskryf:

"Die biskop regering is, veral in die groot en vermoënde stede van die keiserryk, nagejaag as 'n wêreldse, eerder as 'n geestelike amp. Die sienswyses van belangstellendes, die selfsugtige en driftige woedebuie, die kuns van valsheid en huigelary, die geheime korrupsie, die openlike en selfs bloeddorstige geweld wat vantevore die vryheid van verkiesings oneer aangedoen het in die Statebond van Griekeland en Rome, het al te dikwels die keuse van

die [veronderstelde] opvolgers van die Apostels beïnvloed" *(Triumph of Christendom in the Roman Empir*e, bl. 336).

Deur die instellings en gebruike van die Romeinse Ryk as 'n voorbeeld te gebruik, het mense die kerk se regeringstruktuur versin. Politieke toutrekkery het 'n plaasvervanger geword vir die soeke na God se wil. Gewilde en versagtende leerstellings het plaasvervangers geword vir die duidelike Woord van God, wat teregwysing en vermaning behels het.
Die probleem met die Katolieke Kerk was nie dat dit 'n georganiseerde rangorde gehad het nie – rangorde is 'n God-geordende model (vergelyk 1 Korinthiërs 14:33; Exodus 18:21-26). Die probleem hier was dat die Roomse Kerk 'n menslike politieke struktuur – 'n model van die antieke Romeinse Ryk – in die plek gestel het van God se Regering. In God se Regering word amptenare aangestel – **gebaseer op hulle "vrugte**" – deur daardie leiers wat Christus reeds in Sy Kerk aangestel het (vergelyk Titus 1:5-9). God se Regering is gebaseer op Sy Wet. God verleen geldigheid daaraan deur die positiewe vrugte wat gedra word (Matthéüs 7:15-23; vergelyk Númeri 17:7-10).

Die Kerk van Rome het ontwikkel volgens die voorbeeld van die antieke Romeinse Ryk, vanwaar dit die struktuur ontleen het. Onderdanigheid aan afgode, die organisatoriese struktuur, was vereis, selfs al sou dit "probeer om tye en wet te verander" (Daniël 7:25). In God se Regering maak Hy dit duidelik waar Hy werk deur die vrugte wat gedra word en ons onderwerp ons aan menslike leiers solank as wat hulle Christus volg (1 Korinthiërs 11:1).

**Die Getal van sy Naam**

Wat van die geheimsinnige getal – 666 – van die dier se naam? Allerhande vindingryke oplossings is al bedink om sekere individue met hierdie getal te identifiseer. Wat bedoel God egter wanneer Hy aan ons sê dat hierdie getal die nommer is van 'n man se naam?
Voordat Arabiese syfers in die 13e eeu in die Westerse wêreld aanvaar is, het die letters van die alfabet ook gedien as syfers. Alle name het derhalwe syfer- of getalwaardes gehad. Die meeste van

ons is vertroud met Romeinse syfers waar die letters van die Latynse alfabet syfer- of numeriese waardes het. Volgens hierdie stelsel is: I = 1, V = 5, X = 10 ensovoorts. Hebreeus en Grieks, die tale waarin die Bybel aanvanklik geskryf is, het ook soortgelyke stelsels gebruik.
Dit bring ons by die vroegste oplossing wat voorgestel is vir die betekenis van 666. Dit is ’n tradisie wat aan Polycarpus toegesê word – hy was ’n dissipel van die apostel Johannes wat Openbaring geskryf het. Dié tradisie het in die tweede eeu behoue gebly in die geskrifte van Irenaeus. Die getal 666 is “vervat in die *Griekse* letters van *Lateinos*” (Jamieson, Fausset and Brown, *Commentary on the Whole Bible*). *Lateinos* is ’n Griekse term wat “Latynse man” of “Romein” beteken. Dit is nogal interessant, want die Griekse uitdrukking wat “die Latynse koninkryk” beteken (*h Latine Basileia*) het ook ’n numeriese waarde van 666. Griekse skrywers het oor die algemeen na die Romeinse Ryk op hierdie manier verwys. Die boek Openbaring is in Grieks geskryf vir die Griekssprekende Kerke in Klein-Asië.

***Lateinos***

Grieks vir “Romein”

| | | |
|---|---|---|
| (L) | = | 30 |
| (A) | = | 1 |
| (T) | = | 300 |
| (E) | = | 5 |
| (I) | = | 10 |
| (N) | = | 50 |
| (O) | = | 70 |
| (S) | = | 200 |
| **Totaal:** | | **666** |

'n Ander interessante verduideliking behels die naam van keiser Nero wat dood is ongeveer 25 jaar voordat Johannes Openbaring geskryf het. Alhoewel Nero dood was, was sy heerskappy nietemin 'n tipe van die eindtydse Romeinse stelsel. Nadat hy aan bewind gekom het met beloftes van grondwetlike hervorming en 'n terugkeer na die "Goue Eeu" van Augustus, het hy toenemend wreed en heerssugtig geword. In 'n atmosfeer van intrige en sameswering het hy sy mag misbruik en was verantwoordelik vir die eerste amptelike vervolging van Christene deur die Romeinse staat. Dit was gedurende sy bewind dat die meeste van die Apostels, waaronder Petrus asook Paulus, 'n marteldood gesterf het. Wanneer die Griekse vorm van sy naam, *Neron Kaesar*, in Hebreeuse letters gespel word, is die numeriese waarde daarvan ook 666.

Die stigter van antieke Rome was Romulus, van wie se naam "Rome" en "Romein(s)" afgelei is. Die Latynse naam Romulus [*Romvlvs*] is *Romiith* in Hebreeus. Wanneer dit in die Hebreeuse taal bymekaar getel word, is die antwoord ook 666 (*resh*=200, *vau*=6, *mem*=40, *yod*=10, *yod*=10, *tau*=400). Dus, in beide Grieks en Hebreeus, die twee hooftale van die Bybel, word die getal 666 toegeken aan die koninkryk wat uit Rome voortgespruit het.

Die jare wat voorlê sal die sewende en laaste herlewing van die Heilige Romeinse Ryk teweeg bring. Moontlik sal daar die een of ander spesiale numeriese betekenis gekoppel wees aan óf die naam, óf selfs aan die spesiale titel van die eindtydse leier van hierdie dier-moondheid. Dit is egter belangrik om te besef dat die Romeinse stelsel alreeds deur die getal 666 gekenmerk word en dat dit daardie *stelsel* en sy eindtydse herlewing is wat ons as die dier geïdentifiseer het.

# HOOFSTUK 5

**’n Verhaal van Twee Stede – Verlede en Toekoms**

Die verhaal van twee stede, in totale teenstelling met mekaar, loop soos ’n draad van begin tot einde deur die Bybel. Génesis 10:10 stel ons bekend aan Babilon of Babel, die stad wat deur Nimrod gebou is en in Génesis 11 word dit verder beskryf. Ons ontmoet ook vir Abram (verse 26-31), ’n man wat gebore is in Ur van die Chaldeërs, ’n aangrensende dorp en deel van Babilon se antieke koninkryk. In hoofstuk 12 word vertel van Abram se vertrek – in opdrag van God – uit die omgewing van Babilon. In Génesis 14 kom Abram in Jerusalem aan (in antieke tye was dit Salem genoem – ’n verkorte vorm). Daar ontmoet hy vir Melgisédek “wat ’n priester van God, die Allerhoogste, was” (vers 18) – wie vir Abram geseën het en tiendes van hom ontvang het.

In Openbaring, die laaste boek in die Bybel, lees ons weereens van Babilon. Hoofstukke 17 en 18 beskryf “die groot Babilon” en van haar finale en totale vernietiging. Net soos aan Abraham in die antieke tyd gesê was, word aan God se mense in die eindtyd gesê: “Gaan uit haar uit, my volk” (Openbaring 18:4). Hier aan die einde van die Bybel lees ons ook weer van Jerusalem – die vestiging van die Nuwe Jerusalem, die stad waarop Abraham gewag het, “waarvan God die boumeester en oprigter is” (Hebreërs 11:10; Openbaring 21:2).

Jerusalem en Babilon is twee antieke stede wat twee heeltemal teenoorgestelde regeringstelsels en leefwyses verteenwoordig. Een stad is van God. Dit het die hoofstad geword van sy fisiese volk, Israel, onder koning Dawid – wat God se tabernakel daar gevestig het. Kort daarna is die tabernakel vervang toe Dawid se seun, Salomo, ’n groot tempel vir God daar gebou het. Ook bekend as die Berg Sion, sou Jerusalem later figuurlik verwys na God se Kerk – Sy geestelike volk wie se lede die regeerders gaan wees in Sy Koninkryk. Wanneer dié finale wêreldregerende Koninkryk hier op aarde gevestig word, sal Christus dit vir ’n duisend jaar vanuit Jerusalem regeer. Daarna sal die Nuwe Jerusalem finaal aarde toe kom saam met God die Vader. Die ander stad was gebou deur Nimrod, die eerste tiran ná die sondvloed wat, in opstand teen God en Sy Wette, gepoog het om een wêreldregering volgens

Satan se manier te vestig. Babilon is Satan se geskiedkundige vervalsing van God se Regering en God se Koninkryk.
Ná God se ingryping by die Toring van Babel het Babilon se belangrikheid deur die eeue heen toegeneem of gekwyn. In die sewende eeu v.C. toe Ninevé, hoofstad van Assirië, deur invallers ingeneem is, word Babilon weereens belangrik as die hoofstad van Mesopotamië. Die Chaldeeuse Nebukadnésar het koning van Babilon geword en het ’n uitbreidingsveldtog van stapel gestuur wat sy koninkryk heerskappy gegee het oor byna die hele Midde-Ooste. Sommige van Nebukadnésar se oorwinnings het Juda en die hoofstad, Jerusalem, ingesluit. Om en by 586 v.C. is Jerusalem en die tempel van God daar, vernietig deur die invallende Babiloniërs. Byna 20 jaar voor dit is 'n aantal jong Joodse gevangenes na Babilon geneem. Onder daardie gevangenes was Daniël.
Op 'n herfsaand in 539 v.C., 66 jaar nadat Nebukadnesar se koninkryk begin het, staan die profeet Daniël in ’n stil banketsaal om die “handskrif teen die muur” uit te lê. Daardie nag is die stad Babilon verower. Ná baie eeue het dit ’n verlate, onbewoonde gebied geword. Soos ons egter geleer het, het die *stelsel* wat daar ontstaan het, *nie geëindig* nie. Dit het bly voortbestaan onder baie opvolgers, presies volgens die voorspelling wat Daniël soveel eeue vroeër aangeteken het.
Génesis 10:10 verduidelik dat die begin van Nimrod se koninkryk, Babel was. In die jare wat nie te ver in die toekoms is nie, is die eindtydse beliggaming van daardie antieke koninkryk bestem om weereens te verrys. Alhoewel die antieke stad wat Nimrod gebou het reeds lank gelede tot stof en puin vergaan het, het die politieke, ekonomiese en godsdienstige stelsels wat daar ontstaan het, bly voortbestaan. Antieke Babilon is opgevolg deur ’n moderne Babilon, wat deur die profeet Jesaja die “dogter van Babilon” genoem word (Jesaja 47:1).

## Wat Lê Voor?

Ons lewe tans in ’n oproerige wêreld. Daar is vrees en besorgdheid oor die toekoms. Aan die een kant beloof die wetenskap en tegnologie ’n “ongehoorde voorspoedige wêreld”, maar aan die ander kant bedreig kernoorlog, tesame met biologiese en chemiese terrorisme die wesentlike bestaan van ons wêreld. ’n Magtige charismatiese leier sal dan in Europa op die toneel verskyn. Hy sal

’n bondgenootskap tussen kerk en staat aangaan wat vrede, sekuriteit en welvaart aan ’n desperate wêreld sal bied.
Hy sal valsheid en knoeiery gebruik om tien Europese leiers, wat die eindtydse opvolgers van beide die Westerse en Oosterse “bene” van die Romeinse Ryk sal verteenwoordig, te oorreed om tydelik saam te staan en hulle mag aan hom as leier oor te gee. Wanneer mense werklik beangs raak oor hulle toekoms, is hulle geneig om vryheid ter wille van sekuriteit te verruil – net soos ons in die 1930’s gesien het.
’n Tydperk van toenemende vrede en welvaart sal volg. Dit sal lyk of ’n groot, wêreldwye handelsindikaat ongelooflike winste aan internasionale sindikate gaan bied. Later, in reaksie op die krisisse in beide die Midde-Ooste en die Engelssprekende nasies, sal hierdie leier blitsig en met kragtige vasberadenheid optree. Nadat hy ’n verdrag wat hy voorheen met die Joodse staat aangegaan het, nietig verklaar het, sal sy leërs Jerusalem oorrompel en die helfte van die stad in ballingskap wegvoer (Sagaría 14:2).
Die eindtydse verskyning van Babilon sal dieselfde dinge beloof as wat Nimrod aan die mense beloof het by die Toring van Babel: eenheid, sekuriteit en welvaart. Dit is ook wat Nebukadnésar, Kores die Grote, Alexander die Grote en Augustus Caesar elk op hulle beurt beloof het.
Die toenemende probleme van wêreldwye versplintering sal teengewerk word deur ’n skema wat ontwerp sal word om beide politieke en godsdienstige eenheid op ’n wêreldwye skaal af te dwing. Die toekomstige Europese supermoondheid mag in werkliklikheid die bestaande wêreldwye instellings as medelede kies om as politieke strukture aangewend te word tot sy voordeel. Hoewel belangrike veranderings op die politieke sfeer sal plaasvind, is dit op die gebied van godsdiens dat ons gebeure sal sien wat *ongeëwenaard* is in moderne tye. Godsdiens sal beskou word as die sleutel om die gemeenskaplike identiteit te bewerkstellig wat nodig is vir politieke eenheid.
Teen hierdie tyd sal miljarde mense oor die ganse aarde heen vasgevang wees in godsdienswaansin, aangevoer deur ’n charismatiese leier wat, soos dit lyk, groot tekens en wonders verrig. Mense sal meer besorg daaroor wees om “goed te voel” as oor die belangrikheid van ware leerstellings. Hulle sal reageer op hierdie leier se valse beloftes dat hy ’n goue eeu inlui.

Die kragtige oorlogvoerende samestelling van die toekomstige Europese supermoondheid sal beskou word as die hoeksteen van wêreldvrede en sekuriteit. Moderne tegnologie sal aangewend word om 'n polisiestaat daar te stel – 'n stelsel waaroor Hitler en Stalin slegs kon droom. Die mensdom sal verplig wees om hierdie soort drakoniese maatreëls te aanvaar as die prys om vir eens en vir altyd ontslae te raak van gewelddadige misdaad en terrorisme.

Aanvanklik sal hierdie stelsel 'n oplewing in die wêreld-ekonomie tot gevolg hê. Die wêreldwye handelsblok, soos voorspel in Eségiël 27 en Openbaring 18, sal verwelkom word as die sleutel tot universele welvaart. Diegene aan die stuur van hierdie stelsel sal vir 'n kort tydjie ongeëwenaarde rykdom geniet.

Rampspoedige gebreke, wat van die begin af eie sal wees aan die stelsel, sal egter mettertyd tot al meer ongelykhede lei. Die Arabiese wêreld sal ontevrede wees oor pogings om dit in godsdienstige eenheid met Europa te dwing. 'n Magtige leier – in Daniël 11 die "koning van die Suide" genoem – sal dan te voorskyn kom en in staat wees om tydelike eenheid te bewerkstellig in 'n groot deel van die Islamitiese wêreld. Aangehits deur hierdie leier, sal Europa [die koning van die Noorde] 'n "*blitzkrieg*" teen hom uitvoer, wat sal lei tot Europese besetting van die grootste gedeelte van die Arabiese wêreld – sowel as die land van Israel (Daniël 11:40-43).

Hierdie Europese besetting sal groter wantroue onder die Oosterse nasies – alreeds lugtig vir 'n Europa wat deur Duitsland gelei word – laat toeneem. Gerugte van ontevredenheid uit oosterse hoofstede sal uiteindelik veroorsaak dat die Europeërs 'n aanval loods wat bedoel is om ter voorkoming te wees om die Ooste tot onderwerping te intimideer (Daniël 11:44). Dinge sal egter nie verloop soos beplan nie en die gevolglike oorlog sal uiteindelik kernverwoesting van die grootste gedeelte van Europa veroorsaak – Rome ingesluit – deur die bondgenootskap van Oosterse magte (Openbaring 9:13-18; 18:10, 18).

Wanneer Oosterse magte die Eufraat oorsteek om 'n aanval teen die Europees-beheerde Midde-Ooste te loods, sal dinge heeltemal buite beheer raak. Die tien Europese leiers wat aan hierdie stelsel sy mag gegee het, gaan bitterlik teen die kerk en die godsdiensstelsel draai wat hulle in die steek gelaat het (Openbaring 17:16-17). Afgryslike wapens van massavernietiging gaan losgelaat word, met inbegrip van kern-, biologiese en chemiese

wapens (vergelyk Openbaring 9:5-6, 18). Net wanneer dit lyk asof die mensdom homself letterlik gaan vernietig deur hierdie konfrontasie in die Midde-Ooste, sal die lewende, verheerlikte Jesus Christus terugkeer uit die hemel (vergelyk Matthéüs 24:22).

Teen die agtergrond van hierdie allerverskriklikste tyd in die geskiedenis van die mens se geweldadige en bloedige bestaan, sal die ware oplossing vir al die probleme van die mensdom ingelei word deur Jesus Christus se Wederkoms na hierdie aarde – dit is nie ’n fantasie nie – dit is die mensdom se enigste hoop.

Weggevoer in ’n visioen tot in daardie toekomstige “dag van die Here”, het Johannes ’n wonderlike gebeurtenis wat nog voorlê, aangeteken: **“**Geval, geval het die groot Babilon**”** (Openbaring 18:2). In die nasleep van daardie gebeure, sal Jesus Christus op die Olyfberg naby Jerusalem staan saam met al die herrese heiliges. Die God van die hemel sal ’n Koninkryk vestig wat vir ewig sal bestaan (Daniël 2:44). Die Wet sal uitgaan vanaf Jerusalem en al die nasies sal onder die gesag van die Regering van God gebring word (Jesaja 2:2-4).

Die Bybel vertel die verhaal van twee stede – Babilon en Jerusalem. Een gaan vir ewig vernietig word. Die ander stad gaan herskep word as die Nuwe Jerusalem wat uit die hemel sal neerdaal nadat die duisendjarige Regering van die Messías voleindig is, om die woonplek te wees van God die Vader, Sy Seun, Jesus Christus en van al God se kinders – die “eerste vrugte” – tot in alle ewigheid (Openbaring 21).

Die eindtydse gebeure wat in hierdie boekie beskryf word, gaan werklik plaasvind binne die leeftyd van baie van u wat dit lees. Christus bied egter spesiale beskerming aan diegene wat opreg en ywerig met Hom wandel en Sy werk doen. (Lukas 21:36; Openbaring 3:10).

Wat van u? Is u “burgerskap” – u lojaliteit en trou – in Babilon hier onder of in Jerusalem daar bo (vergelyk Filippense 3:20)? **U toekoms hang af van u antwoord op hierdie vraag!** “Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is” (Jesaja 55:6). Die God van die hemel gaan binnekort ’n ewigdurende Koninkryk vestig. Hy bied nou nie net Sy beskerming en hulp aan ons in die verskriklike tye wat voorlê nie, maar ook toegang tot Sy glorieryke Koninkryk en ’n erfenis wat ewigdurend is!

Moenie moedeloos of wanhopig word wanneer u sien hoe wêreldtoestande om u versleg nie. Slaan eerder ag op Jesus Christus se aansporing aan Sy ware volgelinge “En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is” (Lukas 21:28).

Onthou altyd dat **die beste nuus nog voorlê**, ten spyte van die rampe wat op die horison wag. “Want nog ’n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie” (Hebreërs 10:37).

# Plaaslike Kantore

VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:

**P.O.Box 3810**
**Charlotte, NC 28227-8010**
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**http://www.livingcog.org**

AUSTRALIË:

**GPO Box 772**
**Canberra, ACT 2601, Australia**
Tel: (07) 3841-8360
of Vryskakel: 1800-816-543
Faks: (07) 3841-8325

NIEU-SEELAND:

**P.O. Box 2767**
**Auckland, New Zealand**
Tel/Faks: 09-435-3592

FILIPPYNSE EILANDE:

**MCPO Box 1774**
**Makati City 1257, Philippines**
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

SUID-AFRIKA:

**Privaatsak X 30, Menlo Park, GP 0102**
**Republiek van Suid-Afrika**
Tel: (012) 330 0130
E-pos: info@wvm.co.za

KANADA:

**P.O. Box 27202**
**Toronto, Ontario M9W 6L0**
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

VERENIGDE KONINKRYK:

**P.O. Box 9092**
**Motherwell, ML1 2YD Scotland**
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**Die Lewende Kerk van God bied 'n verskeidenheid van gratis literatuur aan insluitende 'n Bybelstudiekursus, boekies en die *Wêreld van Môre*-tydskrif.**

**Die volgende boekies is geskryf met die doel om u te help om God se doel met die wêreld en u lewe in die besonder beter te verstaan.**

**Om u gratis literatuur aan te vra, verwys asseblief na die vorige bladsy vir die adres in Suid-Afrika, of verkry u Afrikaanse literatuur via die Internet by *www.wvm.co.za***

**Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?**

**Watter Dag is die Christelike Sabbat?**

**Glo u die ware Evangelie?**